**This document consists of two (2) parts:**

**Part A: Thesis**

**Part B: Portfolio**

# Part A: Lady Die

**Submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree of**

**Master of Arts in Creative Writing**

**Of**

**Rhodes University by**

**Veronique Bianca Jephtas**

**November 2022**

**Thesis Abstract**

My tesis is geskryf in Kaaps en incorporate veskillende streeksvariante vannie taal. Die gedigte is hoofsaaklik innie dialek en ytie perspektief vannie spreker, Pamela geskryf. Tematies issie fokus die seksualiteit ennie inner workings vanne jong, bruinvrou wat haa feminine power probee assert in 'n patriarchal en invasive wêreld.

Die bundel illustreer hierdie constant shifting power dynamics dee Pamela en haa vier boyfriends se vehoudings te examine. Wat vorm betref gebryk ek aspekte vannie zuihitsu, spesifiek die free movement tussen genre en styles: veskillende dele vannie bundel is geskryf as prose, poetry en kort, losstaande gedagtes. Ek kies die skryfstyl wattie narrative van oomblik tot oomblik die beste onnersteun, en beperk nie myself tot een consistent vorm nie —oek kenmerkend van zuihitsu.

Literêre invloede virrie teks is The Pillow Book dee Makura no Sōshi. Meer kontemporêre invloede is Kathy Acker, Marie Calloway, Nathan Trantraal en Ronelda S. Kamfer. Acker virrie manier wat sy identiteit illustreer, amper soese collage constructed yt seemingly unrelated stukkies teks en experiences; Calloway vi haa detached en unromanticised skrywe oo sex en vehoudings; Trantraal en Kamfer virrie manier waarop hulle universal stories vetel in 'n taal wat tightly bound is aan 'n baie spesifieke geography.

## **Inhoudsopgawe**


Onnerdanig……………………………………7

Finally -……………………………………8

Nostalgia……………………………………9

Pispaal……………………………………10

Grooming……………………………………11

Skommel……………………………………12

Die gevat was niks - ……………………………………13

Watter vrou is jy……………………………………15

Ek kla baie - ……………………………………16

Gameplan……………………………………17

Sucking is a skill……………………………………18

Dele van myself……………………………………19

Jelly baby……………………………………21

Dit val my altyd by - ……………………………………23

Red flags……………………………………24

Elke man - ……………………………………26

Survival guide……………………………………27

Poppie langkous……………………………………28

#Goals……………………………………29

Ek het gevoelens - ……………………………………30

Vrou wies - ……………………………………31

~~Woman~~hood - ……………………………………32

Tea time…………………………………………………………………………33

Lyle - ………………………………………………………………………….34

Vi wannee jy gatvol is: ……………………………………………….36

Conradstraat, Mountain View………………………………………37

Ouma isse stowwerige Bybel innie derde laaitjie…………………38

Los nou dié goed ……………………………………………………………..39

Medusa baby……………………………………………………………..41

As jou man dink hy dra die broek innie hys………….……41

Aphrodisiac……………………………………………………………..42

Hands down - ……………………………………………………………..43

Stefan - ……………………………………………………………..…44

Ek geniet seks -……………………………………………………45

Liberal…………………………………………………………….…………46

Dwalend………………………………………………………………………48

Xolani - ……………………………………………….………….………49

En 'n nogge ding……………………………………………..……..52

Trivia night………………………………………………………………53

Rape roll out…………………………………………………….……..54

Skaamte…………………………………………..……………..….55

Reboot………………………………………………………………56

Mans - …………………………………………………………………….57

Xolani says - ……………………………………………………………58

Genuine Connections Pty Ltd…………………………………………59

Ryan - ……………………………………………………………………………..60

Gordian knot……………………………………………………………………...63

Slang innie gras…………………………………………………………….64

Die mirror - ……………………………………………………….……………65

Mis………………………………………………………...……………..66

Puzzles - ……………………………………………………………………………..67

Liewe Pam oo twintag jaa, ………………………………………………………..68

Honestly - ……………………………………………………………………………69

**Onnerdanig**

‘n Vrou wat haa man oppie hanne dra se hanne wil ek

afkap

‘n suster wat haa broer opbou wil ek

afbriek

‘n ma wat geboorte skenk se baba wil ek

doodmaak.

**Finally –**

maak jy tyd om te sit sit op jou plek plek wat hy gegie het sy gevat het hulle voo wag en jy nie wil hê nie sit sit ôs maak kak kak gaa roep soelank jou man jou broer jou pa jou boyfriend daa voo by sy ma en sê venaand maak jy nie kossie venaand vemarrag vedag soek soek vind vind jy jou stem hy kan loep loep viswinkel toe hello hello skrie jou skoonma byrie agtedee yt asof jou bungalow nou moet beginne vlamvat vi haa passion vi wat stuu jy jou man viswinkel toe vi kos watte vrou maakie vi haa man haa broer haa pa haa boyfriend kossie sit sit en lies lies jou skoonma se poes poes sy isse lost case cause haa kind isse lost case en haa man isse lost case en jou broer isse lost case soe sy is lost in any case which is the case moenie worry worry nie om te lies issie ’n guilty pleasure nie is net ’n pleasure en jy moet onslae raak vannie guilt wat jy soe opgaar kots kots allie kak wattie liewe sonne toestemming op jou gegooi het en moenie moenie skoonmaakie ophou skaam wies virrie ytlaat ytlaat gie terug hulle skaam skaam lag lag virrie nuwe goed wat jy mee relate tewyl jy lies tewyl hy vestuk vestuk annie graat hyl wannee iets te naby annie hys is en snik snik tewyl hy kou kou sit bookmarks in byrie gedeeltes wat jy wee wil visit visit soes ’n tourist in haa eie mind in haa eie spirit spirit en lat dit jou lead sit sit op jou plek plek wat ek wee vi jou terug wil gie ’n plek wat sy nie kan vattie hulle vi hulle blou voo sal wag en wat jy allie pad wou hê.

**Nostalgia**

Die eeste kee toe ’n man an my vat

moes hy net my net kô afvee

ek velang na ’n tyd toe uncles net uncles was

en pa’s net wou beskerm tienie bose binne in plaas van byte.

**Pispaal**

Ek sit in stilte en lek my banneliek en kyk hoe allie vrouens by ’n family gathering march soes klomp miere agte suike. Die manne sit en syp en saai daa byte en kô net binnetoe wannee hulle ’n kak wil vat hulle kan hulle ballas bytekant ythaal en pis tien ’n boem, pis tien ’n kar se wiel pis langsie pad of op ’n vroumens ding wat dink sy’s slim.

**Grooming**

My naam is Pamela

ek is ’n video star

ek het ’n dik, vet lyfie soes ’n video star

eyk hoe lyk my boude

my sexy boude

ek draai innie rondte en stop-

hoe eindig die song nou wee?

**Skommel**

problems power

poes

pyn praise

jy kan dit shuffle soes jy wil en soeveel kee soes jy wil

iewers op ’n kol

wôd ôs ammel ’n poes gemaak

**Die gevat was niks**

Dit was altyd die vat sonne vra

ek was bang vi daddy soe ek sou vi alles ja sê want ek wiet ek moet net nee sê vi vreemdelinge of glattie met hulle praatie

mammie skel ek moet my sokkies optel wat soe rondlê

ek wietie waa is my Barbie doll panty nie

as daddy dit kry sit dit

asseblief

wee terug innie boenste laaitjie

mammie skel as my goed nie op hulle regte plek issie.

**

My ma worry dat ek self wil koffiemaak en ekke is nege

ek try myself elke dag kee dat ek haa nie skiet mettie kietel koekwaterie.

**

Die Bybel sê eer jou vader en jou moeder en jou dae sal veleng wôd

ek hettie gewiet die bybel praat net vannie nagte nie.

**

My hatred towards my ma en my pa issie out of the blue nie

is out of the black

hulle blindness en cowardliness convince my hulle is vannie dywel af.

**

My ma parade my oral waa sy kan asof ek ’n mannequin in ’n winkel is

al was sy my klere hoe skoon

al kam sy my hare hoe mooi

al turn sy haa hys hoe yt

al gaan ôs hoe Sondae kêk toe

die merk op haa hys is te groot

te vyl

te embedded in haa DNA

haa man krap in haa Bardie doll

hy krap in my panty.

**Watter soort vrou is jy**

Ek issie die tipe vrou wat heeldag koekbak en jou as haa proefkonyn aggie. Ek hettie tyd om heeldag agte jou aan te haloep, jou klere op te tel, innie wasmasjien te gooi en nog op te wassie.

Juis oor dit is jou ma se laste swaarder en haa hanne is moertoe vannie arthritis.

Ek issie tipe vrou wie vra of jou taxes gedoen is, want ek hettie tyd virrie ombudsman om draaie te swaai soes ‘n oorlamse flamink op ôs voostoepie. My gebede dra krag. Dit sleep jou by kamers in van wie se vloere jou voete nog net kon droom. My *hoe was jou dag* maak lat allie stres vedwyn en my soentjies smaak bieter as ‘n koue bier na ‘n lang dag. My *tel op jou fokken sokkies* issie soundtrack vannie hys. Ek issie tipe vrou wat sieke maak jou leë mag wôd vol maakie saak offie kos gestuur gekoep of gebrand issie. Ek is dáái tipe vrou. Die een wat worry oor of jou kop reg angeskroef is. Ek en  jy vegiet van ôs ma’s se panic in hulle oë oorie kos noggie klaa issie en oor pa amper byrie hys is. Jy gaan my nie moer nie.

Verby issie dae van vi vroue voorsê dat jy ‘n vrou soes jou ma soek.

Ek issie tipe vrou wat met anne vroue oppie grond wil sit en lyste wat hulle anneste gaan doen as hulle ma assit by hulle kinnes en mans kô. Ek issie tipe vrou wat vi jou my survival kit leen innie vorm van lees hierdie boeke en lyste hierdie podcast soedat jy kan vesorg wat hy allie jare dieper wond en soedat jy kan ophou ween.

**Ek kla baie -**

tog is vrouwies ’n mooi iets

’n lekker iets

’n pynlike bloed vuil ombeskofte deemekaa enig-in-haa-soort-iets.

**Gameplan**

Ek use die saad wat mans binne in my skiet as *gunpowder vir die next generation sodat hulle armed kan wees.*

**Sucking is a skill**

Mammie Mammie hie is hy alwee los my los my hou jou bek maak toe die dee wil jy geklap wôd of soek jy ’n pop syg my of ek fok jou liewe op

**Dele van myself**

bloed

bloed

spat

spat

hy hy hy hy hy hy hy hy

vat vat

behoort ek an hom hulle hy sy

waa

Issie

protection

wat

ek

net

yt

kwaad

en

haat

yt

kry?

**Jelly baby**

Tussen vroue is daa hierdie ding van jy is te jonk om te vestaan as hulle oo iets praat wat hulle nie lus voel om vi jou te veduidelik nie. Ek dink nie dis ’n cultural ding nie, maa ’n universal effort om kak undermining te wies. Assit kô by hysie-hysie speel, kosmaak, bloei, hare kam, kak skoonmaak, klere optel, kinnes maak, kinnes grootmaak, kinnes regruk, jou pose hou, jouself afbriek en opbou, vrou wies, man genoeg wies in jou vrou wies, sterk wies en reg-vir-enigiets wies, is jy nooit te jonk om te vestaanie.

My ma of pa maak elke aand kos. As anne mense kô sê hulle, “Sy maak nooit kossie. Ek wietie wat haa man gaan ietie.” Spaghetti, hy gan Spaghetti vriet. Elke aand. Nie een van hulle kan Spaghetti Bolognese maak soes ekkie. My ma like nie pasta nie, maa my pa maak dit elke kee. Veral wannee die geld min is ennie kassies begin lieg raak. Ek hettie ’n soet tand nie, maa ek like brownies bak. Wannee ek iets goed kan maak maak ek dit elke kee. Oo en oo. Daa is safety in wiet die ding gat reg ytkô.

Toe my ma my virrie eeste kee moes afsien koshys toe, het sy baie gehyl. Sy was worried, want al waarmee sy my kon stuu was ’n pakkie rys, waspoeier, siep, Dettol virrie muskiete, ’n paa aartappels, bietjie visolie ytgegooi in ’n watebotteltjie, twee pakkies hoender en ’n R100 in my hand. Sy het gewiet ek gaan fine wies. Die trane was net as gevolg vannie feit dat sy nie bieter as haa ma gedoen het met haa eeste dogter nie. Maa sy het. Al kan sy nie daai moments pinpoint nie en al wassit backhanded.

My ma het nagskof vir bietjie-bietjie geld gewêk by ôs local newspaper. Ek het nooit gewiet ôs is arm nie, cause wat daa nie wassie, het my ma voo gesorg: vanaf gatjies innie mure om my diplomas op te hang tot die lootjie geld wat sy elke kwartaal met haa min pay betaal het, omdat sy nie wou hê ek moet anne mense loep pla vir geld nie. Sy het Vrydae gepay. Ek het altyd my sweets Vrydagoggend gekry, soes een wat oek ure ingesit het. Ek het net soe hard gewêk soes sy. Om sonne jou ma te slaap wat jou moet protect tienie boogie man is harde wêk. Ek sou afternoon naps vat met haa wannee sy opcatch mettie rus wat meeste vroue min van kry. Haa boude was lekke warm. Sy isse kort-rône-hardegat-moer-enige-man-kliphard-soek-jy-kak-met-my tipe vrou.. Innie lekkegoed sakkie wat my ma Vrydae bring is pink Fizzers, Push pop candies, daai hangertjies

mettie lekketjies om, bubblegums, Smarties, siepies, mebos lekkers, goemahare, Maynards jelly babies en Jumpin' Jack popcorn—white cheese en green onion flavour. Die bubblegums het altyd in my hare vasgesit.  Dan moes hulle 'n stukkie van my hare afknip. Anne kere sit dit annie kopkussing vas, dan haal my ma dit af met ysblokkies. Nou wiet ek hoe om te maak wannee my kinnes bubblegum kou in hulle slaap ennie kopkussing oek begin saam kou. Innie unpreparedness het my ma my altyd prepare. Ek het altyd die jelly babies weggegie vi my boeta of wie ever saam my daa sit. Ek het gehou van deel. My ma noem dit nie deel nie, sy sê ek loep gie my goed vir almal. Ek het nooit die jelly babies gelike nie. Later het my ma dittie mee gekoepie.

My ma altyd pads gekoep. Sy het altyd gehad, al was sy nie op haa period nie. Ek was twaalf. 28 December 2007. Toe ekkie bloed sien, was al wat ek kon sê, "Mammie, kyk hie." My ma het rus-rus na ôs kamer toe geloep wat ek en sy met my antie deel. Sy het vir my 'n pad gegie en gesê ommit in te sit. No instructions—dank die Here dit wassie 'n tampon nie. My antie het gesê, "Nou kan jy nie saam die laities speelie ne, jy gaan 'n baba kry." Sy hoef nie daaoor te worry nie. Ek wiet my ma gaan my moer as ek mettie laities speel. Ek is eendag innocently saam allie laaities innie pad giffie toe om te loep swem. Toe ek terug kô toe wag my ma my in. Die man oorie pad het gepiemp. Ek het gehyl en 'n tantrum gegooi, sy gras ytgetrek en in sy gevriet gegooi. 'n Mens piemp nooit nie. Iemand wat piemp is 'n 5.

Ek was nooit te jonk om te vestaan nie, ek was mettie backhand gemaak vestaan. Dit was net voo tien die aand toe ek begin vestaan van hysie-hysie speel, kosmaak, bloei, hare kam, kak skoonmaak, klere optel, kinnes grootmaak, kinnes regruk, jou pose hou, jouself afbriek en opbou, vrou wies, man genoeg wies in jou vrou wies, sterk wies en reg-vir-enigiets wies . 'n Sondagaand. 'n Sondag issie heilige sabbatdag. 'n Dag vi relax en Sunday lunch en skinner innie son. Kerk toe. Kerk toe moet jy op 'n Sondag, soes my ouma sê. My ma moes hospital toe. Ek oek saam. Nege jaar oud. Ek wat nou voorie toilet dee staan en toiletpapier aangie soes my ma oo drie jaar 'n pad sal aangie. Al wat ek kon sien was bloed. Baie bloed. My ma is besig om 'n miskraam te kry. Sy is besig om dee 'n miskraam te gaan. My ma, kalm. Flush na flush gaan nog 'n stukkie van haa innie pype af. Daa val dit. Die fetus. My broertjie. Oppie stukkene tapyt innie toilet. My ma tel hom op en sit hom oppie toiletpapier. Hy hettie arms of bene nie. Dis alles stompies. Daa is 'n gatjie in sy hart. Tot vedag toe iets ekkie Jelly babies nie. Dit voel ek iet my broertjie.

**Dit val my altyd by -**

om ‘n vrou te wies is

niks

om op trots te wiesie om ‘n man se kind te dra issie die goue medalje wat jy dink dit issie

jy is gekoppel aan ‘n letterlike knaende las jy dra die vrug van ‘n

uitputtende saad

jy bou jou hys oppie sand

‘n wyse vrou bou haa trots in haaself ‘n dwase vrou bou haa hys op ‘ n

man.

**RED FLAGS**

My period treat ek soes ’n monthly ritual
ek bad my in my bloed en drink dit om my eie krag te preserve
ek gebrykie krampe as ’n refill om my stêkgevriet tank vol te maak
ek doep my
ek pleit die bloed
ek ontvang my eie heilige gees
innie naam van my ouma my ma en my eie worst enemy.

**

Om seks te hê op jou period issie selle soes om vi iets te betaal en sonne dit byrie winkel yt te stap.
disse bargain maa dissie joune nie.

**

Bloed bloei bloeiende gees
vat my vang my fok my op
bloei op hom bloei op haa
los jou merk en trek jou kruis
salf en seal en sout my lyf
hou hulle weg hou hulle weg
bloeiende gees O bloed gees

klim binne in my vlees.

**

Om te sê jou bloed is vyl is om te sê jy is vyl

sit jou vinger op jou pad en lek jou bloed

have a taste of yourself

daai klonte cycle al since birth binne in jou.

**Elke man -**

dink sy ballas issie grootste

dit issie

’n vrou sal jou kan sê jy’s kak vekeed

elke man dink hy seks die beste

jy doenie

vra haa jou rhythm is kak

elke man dink

heeltemal

te veel.

**Survival guide**

My keuse in mans het niks te doen met my pa nie, maa alles met my eie agenda. Ek deal met 4 veskillende mans soedat ek eendag my man kan vestaan. Soedat ek kan wiet hoe om hom, sy vrinne en sy ego te handle.

**Poppie langkous**

My liggaam isse mannequin

’n ding op aarde gesit vi anne mense om mee te maak soes hulle wil

ees mammie wat my ytgedruk het en ek wou nie hie wiesie

toe daddy wat gevat het en ek het gesê nee

toe society met sy ability ommie most unattractive outfit te sexualize.

Ek is ’n prop virrie res vannie mense

selfs anne mannequins

veral die wat vinger oppie lip soort

hoe sê jy my man en

hy sê nee.

**#Goals**

Eendag wil ek oek trou, en kinnes kry en vi my ma ’n ouma maak en vi haa wys hoe om ’n ma te wies.

**Ek het gevoelens -**

maa dit issie belangrik nie dis belangrik vi my om te establish dat mense my nie virre poppie langkous kan vattie en dat hulle net an my kan vat wannee ek vi hulle consent gegie het.

**Vrou wies -**

voel soes klei wat hardgemaak wôd vi klip

vi kap vi steen vi steenig.

**

My clit –

isse rites of passage

’n waymaker

’n electrical fence.

Die poorte vannie hemel

’n direct line narie phone vannie Here.

Dis holy ground

en as jy net genoeg pressure apply

kan jy juices drink yt my fountain of life.

**~~Woman~~hood –**

is simultaneously exciting en frightening

dis soes om met ’n pocketknife te loep

en nooit te wiet of jy jou eie polse moet sny of iemand annes moet threaten daarmee nie

disse weapon

equally vi peace en war

’n constant contradiction

’n puzzle piece wat nooit passie.

**

Is fragile

soes ’n man se ego

dis maklik om my te briek

maa moeilik om    my te kry om ’n fok om te gie

omdat ekke soe fragile is pas ek my op

ek pas my mooi op

hy briek my lielik af

my vroulikheid isse birthing paradox

ek is the giver of life

maa oek the killer of all things.

**Tea time**

Eendag toe gan ôs dorp toe

toe koep my pa vi my ’n porcelain tea set

ek wou die portable plastic phone gehad het

daai wat mens soe draai.

Toe ek by die huis kô toe sê hulle ek kannie mettie porcelain tea set speelie, ek moet dit innie kas sit.

ek wens my ma het geld gehad.

**

“Maak toe jou kamerdeur as jy was,” skree my ma, “Jou uncle is innie kombuis.”

Ek wou haa sê my pa slaap tussen 2 - 4 die nag in my kamer.

**

Ek het altyd gewens ek kon terug in my ma se lyf klim

van voor af ongemak cause innie 3rd trimester vi haa laat gloe alles gaan great wies en haa hare gaan lank groei innie second trimester en vi haa laat kots laat dit kak innie eeste trimester.

Ek wou altyd terug gaan narie aand toe my ma en pa my conceive het

assit van my af sou hang sou daai aand nie vol liefde wiesie

ek sou haa pyn cause en confused maak en laat struggle deurie forced silence

ek sou my ma laat rape maybe dan sou ek my dee kon oeplos.

**Lyle -**

issie ordinary dude wat Stuyvesant's roek

sy broeke is altyd half oo sy hol

net genoeg om sy ballas toe te hou

hy dra net Jordans wat hy in Bellville gekoep het en dra Redbat t-shirts saam met dit

hy isse royal Coloured mother fucker wattie odds defy die system challenge ennie worry oo goed wat match nie.

Dit vedytlik sy interest in my.

**

Soen soen soen al aan, maa lee hom oek hoe jy daavan hou om te vry. Lat hy gewoont raak an jou tong in sy mond as 'n reminder van wie yntlik die broek dra innie vehouding. Vra vi hom 'n R2.50 virre los entjie al het jy 'n pakkie in jou sak dit sal hom lat voel hy het some kind of value. Lat hy al an brag met jou op sy profile picture op WhatsApp dit maak op virrie absence van family portraits in hulle hys. Hy velang na net een vehouding waa dit voel dinge is in plek.

**

Lyle makee baie liefde baie sorg baie borsmelk baie wat mammie mammie mammie self maak.

**

Lyle like ek moet sy hare vleg en hy gebryk al my hair products. Somehow is my vanilla scented candles vi hom aromatherapy en hy sien unnecessarily yt na loadshedding net soedat ek dit kan anstiek. As ekke vi hom gan kuier vra hy ek moet my fleece kombersie saambring want hy like die fragrance softer wat ekke gebryk. . Hy vra oek graag ekke moet vi hom kosmaak tewyl hy vi ôs bier skink en 'n RNB playlist soek op Youtube. Hy droe graag die skottelgoed af wannee ek kos gemaak het maa hy gan dittie opwassie. Hy loep heeldag in my slippers en enjoy dit wannee ek ienage iets van my by hulle plek vegiet, cause dis vi hom asof ekke agte gebly het alhoewel ek by daai tyd al in 'n anne man se bed lê. Vi Lyle gun ek die carefully curated happiness and fantasy-comes-to-life feeling. Hy is into die idea dat iemand na hom kyk en genoeg space in hulle liewe het om plek te maak vi hom. Soes sy ma. Sy ma sallie hemel en aarde skyf vi Lyle. Luckily is ekkie sy ma nie.

**

Om 'n man-child groot te maak is om hel te raise en olie oppie vuur te gooi

jy maakie pap dik an en sit met 'n vuur wattie gebliss kan wôd met holy water nie.

Vi Lyle try ek bliss, maa die problem is hy het te lank an sy ma se tette gehang en sy 4 susters druk hom diep terug in 'n vrou soes sy ma se biene.

**Vi wannee jy gatvol is:**

Sit een voet voorie anner

moeg moeg geploeg

onthou moenie jou

vagina veniet vekoepie

Ma,

die kassies is vol sy klere is gestryk

mammie het gesê luiste nou vi my baie mooi

soe jy luiste net virrie lelik

daa is many ways om true love te fake

koffie innie kan eiers innie pan

goeiemôre my man goeie more my vrou

Hiesa is ’n soentjie vi jou

een lyf oppie anner voel sy gewig

hou jou asem in, moet hom nie vesmoorie

as jy kans kry om hom vrek te maak

gryp dit vinnig doen dit starag.

**Conradstraat, Mountain View**

Daai hys is nou wit gepaint en daa is nou hekke om. My Ouma-hulle wou altyd hekke voo innie jaat opsit, maa toe kô vattie bank die huis

Ek wonne of mure mense onthou en wat hulle flyster. Ek wonne of die shower geskrik het die eeste kee toe ’n vreemdeling daa onner klim

Ek dink die kos sal nooit lekke in daai huis proe nie, die liefde is weg ytie kombys.

**Ouma is ’n stowwerige Bybel innie derde laaitjie**

Ouma Ellie hettie Here inherit by Ouma Truitjie. Ouma Ellie liewe nog, soe die Here is noggie by Mammie Earl gelossie, en ek is nog ’n plek onne toe innie lyn. Mammie Earl is nog jonk. Ek wonne of dit betieken ekke gat lank moet wag virrie Here? Ek en Mammie Earl kô yt Ouma Ellie yt. En ek en Mammie Earl en Ouma Ellie kô yt Ouma Truitjie yt. Ek dink die Here ken vi ôs. Ek wiet die Here ken vi Ouma Ellie. Ouma Ellie se tong is Jeremiah 29:11, wat van alle planne wiet en sieke maak dattie weapons nie prosper nie. Ouma Ellie se recipes is Romans 8:28, wat cause dat alle weapons wat geform het, innie bak geknie wôd en innie oond gan virrie beste gebakte brood om alles wee lekke te lat voel soedat dit al is wat prosper. Ouma Ellie se mother tongue is worship en sy in fluent. Ouma Ellie se geloof issie derde dag. Ouma Ellie is vol stof soes ek en Mammie Earl haa innie laaitjie druk. Nog agte toe en nog agte toe. Eendag gan ekke Ouma Ellie se taal leer. Dalk Krismis, wannee Ouma Truitjie sê ôs moetie stowwerige hys yt turn ennie vyl vensters was.

**Los nou dié goed**

As jy nie jou man 'n kind kan gie nie straf ôs jou
as jy jou man te veel kinnes gie bespreek ôs jou
as jy net een kind het sê ôs hy makeer 'n maatjie
as jy twee het vra ôs wie gaan na hulle kyk as jy 'n man het
wattie vi jou 'n kind kan gie nie vra ôs wat is fout met jou
baar?

**Medusa baby**

As jou man sy wêk veloo issit okay

om sy baas om te loep koep met seks

hy het anyway ’n coloured-women fetish

jy het 3 miskrame weg soe dit baat nie jy try jou kop ompraat met wat as jy swanger raak nie

volg die leftovers van die wit man se toxic masculinity

jy en jou man soek ’n baba en jou man kort sy wêk terug

gebryk jou identity for once tot jou advantage

jou man se phone sal venaand langs die etenstafel lui.

**As jou man dink hy dra die broek innie hys**

**(*Feminist in the streets not the sheets, LOL*)**

Sit vi hom elke dag lunch in, maa jy moet 'n kosbakkie koep met 'n deksel wat sy favorite colour is. Sit 'n note in elke bakkie, elke dag. Lat hy lies, die illiterate vark. In daai kosbakkie is alles waavan hy hou en niks waarvoor hy allergies issie. Dis te vroeg vi hom om te vrek.

Maak tog asseblief saans wat hy van hou vi aandiete. Dit gan hom lat voel jy lyste en is attentive tot sy wants. In actual reality wêk jy spaarsamig met sy geld en spaar joune. Dis maklik om te spaar as jy lyste na 'n man. Jy koep net wat hy sê hy soek. Hulle is baie meer straightforward as wat ôs hulle credit voo gie.

As jy by jou skoonmense kô lag en sê ja vi alles wat sy ma sê. Sy ma try vi jou sê wat sy wil hê haa man moet hoor.

As sy susters unsolicited advice gie, sê net ja jy sal. Dis alles 'n cover up vi hulle failed marriages en suppressed sexual desires, want ma-wies lat hulle beter voel oo alles.

Dit issie alles nie.

As jou man nog eenkee sê hy soek 'n kind vra hoe gannit met sy susters se kleintjies. Hy is afterall die pietpa. Wanneer julle besig is om te seks … moan, maa nie onnodig nie. Hy is illiterate, nie dom nie.

Moan soes jy moan wannee jy masturbate.

Was wasgoed soes sy ma sou. Iron elke dag sy klere soes sy ma sou. Maak gemmerkoekies soes sy ma sou. Drink saam hom soes sy pa wou. Gie advice soes sy ma sou. Lag vi al sy jokes soes sy vriende sou. Ja en amen soes julle toekomstige kinners sal. Maak jou hare reg en trek vi jou mooi aan. En julle moet kerk toe. Elke Sondag moet julle kerk toe.

Jy hoef nie een van die goed te doen nie.

Hy soek net jou seks, kos en kinnes.

**Aphrodisiac**

’n Lang nag vorentoe met jou rug wat myne face. Die noem ek liefde. Committed. Stubborn. Stupid. Ek en jy personify liefde mettie intimate en private alternative scenarios wat ôs neeskryf innie bed. Nou. Ek en jy is befokte fiction writers. Superheroes met capes soe lank en onnorag soesie tension innie air. . Ek en jy is magicians ennie bed is ôs arena. Dié tricks raak oud. Ek en jy is actors, in front of a sold-out crowd, maa ek en jy issie sell outs. Ek en jy is garbage truck workers wie se vullis noggie ytgevat is by ôs eie hysie. Ek en jy is backup vocalists wat heeltyd die lead singer wil outshine. Ek en jy issie dorings annie roos. Onnodig, maa nodig. Ek en jy issie main characters in ôs eie animated series, maa nie een van ôs het dialogue nie. Ek en jy is delusional, maa die realistic kind. Ek en jy, is pirates, maa ôs sit innie Kaap in plaas vannie Caribbean. Ek en jy skryf en skryf en nie een van ôs soek feedback of constructive criticism om ôs wêk bietere te maakie. Ek en jy is committed en stubborn en stupid. Maa ek en jy is velief en ek en jy is fiction writers en ek en jy personify liefde en ek en jy is superheroes en ôs communicate telepathically en ôs skryf en apologize net in ôs koppe en ek en jy is magic, want ek en jy het ’n het time en time en again tricks en ek en jy issie actors en backup singers en ek en jy is dorings en ek en jy is main characters en ek en jy is delusional en ôs is pirates en ek en jy is biesag om te skryf. Innie bed. Nou. Tydensie lang nag vorentoe met jou rug wat myne face. Die bed is ôsse oyster. Draai om na my toe?

**Hands down -**

yt al my boyfriends yt is Lyle my grootste threat

rondom hom tread ek carefully

want iemand wat jou heeltyd kan compare tien hoe sy susters vrou-wies conquer en hoe sy ma gordyne ophang en beddens opmaak hettie ability om jou te lat doubt in jou vroulikheid

al het jy hoeveel degrees en accomplishments

as jy nie wiet hoe om ’n man se mag vol te hou en hom gelukkig innie bed te hou nie

is jy nie goed genoegie.

**Stefan -**

is my wit boyfriend. Vi jou sal dit klink soes irrelevant information, maa innie loep vannie storie issit crucial. Stefan en ek het gemeet by ’n Spoegwolf concert in Stellenbos. Stefan dink *hulle musiek is fokken amazing bra* en ek was net daa cause alhoewel ek nie Coloured pigeon-holes wil perpetuate nie, like ek free goed – veral gemos. Stefan dra K-ways en gan na events soes rocking the daisies toe. Nie omdat hy wit issie, maa omdat dit vi hom ’n groot plesier is om sy pappa se geld te mors. Stefan se pick-up lines was innie lyn van *jou hare is amazing. Wat gebruik jy? Ja, ek het gelees in die Rapport. Jissis man ek dink dis sommer ’n groot gemors daai en ek dink jy is een ongelooflike mens ek love hoe stil jy is en is jy gemaklik kan ek vir jou iets kry om te drink?* Vi ôs eeste date het Stefan vi my na sy hys toe gevat. Ek het gedink is Stefan jas cause ek kannie klomp wit mense op ’n empty stomach stomach nie maa omdat sy pa die vorige dag gesê het hy issie swartskaap innie familie, het hy ’n regte swartetjie gebring om sy pa se bloedruk vede op te stoot. Sy ma was polite en haa engels is goed vi iemand wat heeldag prentjies van katjies post op facebook en Woolies toe haloep en drie kee per dag virrie hyshulp sê wat sy kan ythaal om te iet. Stefan het ’n suster en sy *is ’n regte vrou wat haar man as hoof van die huis respekteer en mooi na haar ma aard*. Dis dinge wat Stefan se pa langsaan die etenstafel sê tewyl ek sit en wonne waa is haa man soedat ekke kan sien of hy darem worth it is. Toe Stefan my die aand hys toe vat toe vra hy vi my om sy meisie te wies in sy pa se Hilux bakkie en unintentionally het ek geblurp dat ek drie anne boyfriends het en Stefan het gesê hy is heel oraait met polygamy maa nie polyamory nie.

**Ek geniet seks -**

met Stefan die meeste. Dis een van my gunsteling games en virre white guy dick hy my down soes ’n fireman wat ’n vuur blus. My gunsteling type of foreplay is om vi Stefan te vra wat hy dink oo Mandela. Ek dink dis kak sexy om te sien hoe ’n wit man proebee politically correct wies. Hy sê vi my *Ek dink Nelson was eintlik maar ’n sell-out gewees. Dinge het regtig nog nie verander nie en wit mense is die pits. Veral die tannies wat so kerm in die winkels en rassiste wie dinge so moeilik maak vir student van kleur op Universiteit, hel in die lewe. Ek dink Nelson het goeie intensies gehad, maar nie goed genoeg nie.* Ek vra toe vi Stefan wat dink hy van Winnie en hy sê *sy is die eintlike ruggraat van hierdie land.* Ek gie vi hom ’n slight smile en gat lê oppie bed.

**

Stefan dra kondome en vra nie vi my of ek oppie pil issie hy vra eerder elke kee *is dit okay like jy dit is jy nog gemaklik* al is ekkie een wattie seks initiate het.

Stefan is present en vesigtig, want hy dink dit gan my lat dink hy respect my body en my vroulikheid

eintlik wil Stefan nie kind maakie.

sy ouma is oud en sy sallie daai survive nie.

**

Dis lekke om ommie tafel te sit met Stefan en sy wit mense

my daa sit en my geniet en my lekker lag allien is vi hulle torture.

Ek isse reminder vannie ou dae wattie mee issie ennie nuwe dag wat te gou angebriek het.

**Liberal**

Stefan dink dis hot dat ek my sexuality own en kies met wie ek wil slaap en wannee ek met hulle wil slaap. My sexual agency is vi hom ’n weapon en hy like dat ek my guns load. Stefan is precious en accepting en hy haat sy familie soe daa is common ground.

**

Ek hettie bedoel om vi Stefan in my gemors in te sittie. Hy isse pure soul en ek like sy ever-nervous energy wat my kalm maak. Stefan hettie ’n aggressive bone in sy body nie, en daai lat my easily submit, cause hy lead sonne om te dictate. Hy is bang vi my en daai lat my nog mee van hom hou. Hy moet my fear van naby en liefhet vanaf ’n distance. Stefan practice wat Ryan preach. Met Stefan is ek religiously submissive en my harregatgyt kommie soe natural soes met Lyle en Xolani en Ryan nie. Ek sal vi hom innie nag opstaan om ’n sandwich te maak. Ek sal sy calls vat na 12 die aand. Ek sal myself gedra langsie tafel as hy my sou vra. Ek sou effort maak met sy ma omdat dit vi hom iets betieken en ek sal vi Lyle, Xolani en Ryan los as hy sou sê hy wil hê ek moet fully commit an hom. Maa Stefan like my aggressive nature en mother of dragon energy wattie nog lank draai met dinge nie. Hy iet niks na 8 nie, cause sy kos moet verteer en hy borsel sy tanne al voo 9 wannee hy innie bed klim. Hy bel my nooit innie spur of the moment nie, cause hy ken sy plek. Stefan soekie commitment nie, cause daai issie wat ek soekie en hy gloe mens demand nie dinge van ’n vrou affie. Dis alles goed wat ek nooit in Stefan se gesig sou sê nie. Stefan is wit en met ’n wit man maak ek net soes ek wil al issit tien my wil.

**

As ’n man jou alles op ’n skinkbôd bied

wat jy by anne mans op paper plates ontvang

treasure daai

bly innie oomblik

en ignore allie dinge wat tien julle twie tel innie regte wêreld

bly daa en maakie meeste daavan

jy gan eventually ’n way vind ommit op te mors.

**Dwalend**

Ek voel mif

soes nat klere in ‘n suitcase virre 13-day trip met ‘n 7-day mindset

my liggaam voel gedurig klam asof ek gespin was innie wasmasjien en opgehang was op ‘n dag waa dit bewolk genoeg is om te dink ek gaan droeg waai.

**Xolani -**

isse charismatic, ampe 2-meter lange drol wat ammel oo drool op Instagram. Hy is into self-care en modern issues en maak political statements en doen sy activism soes ammel deesdae: op Instagram. Hy ryk lekke, that I will give the bastard en is lekke om met sy morality complex te mors cause ek wiet hy soek ’n makoti – al issit in whichever colour wat bereid is om innie bed te klim met hom. Hy is lekke om mee te debate, want hy kan my komvandaan nie pinpoint nie en ek is sieke Coloureds is vi hom ’n case study en sy hypothesis is dat dit moeilik is om ôs ernstig op te vat omdat ôs heeltyd klou an ’n anne groep om te belong en afbriek in ôs eie groep om te belong belong.

**

Ek moes my hele liewe lang hoo ekke moenie trou met ’n swart man nie cause hulle het kroes hare ek het gehoo hulle culture is baie besitlik en intricately navigated ekke moes hoo dat ekke heeldag innie koebys gat staan en moet kosmaak virrie hele familie met ’n doek op my kop ek het gehoo hulle treat jou badly cause jy issie een van hulle nie ek het oek gehoo hulle het groot ballas en daai issie ienagste ding wat ek gevind het waar is.

**

Haloep ten alle tye soe soes vannag soes wat jy kan

en as jy byrie finish line kô

gebryk jou twiede asem en haloep vede.

**

Xolani het ’n obsession met politically incorrect wies, contrary to Stefan. Hy issie die typical ou wat vi jou ’n bietjie Tropika juice sal anbied ná my jou rug gebriek hettie hy vra my oo my

toekomsplanne. Ek wil hommie beantwoord nie, cause ek like hom bieter wannee hy nie praatie, maa hy sê hy wil run vi president en wil anslyt byrie DA en wil anneste wies as Mmusi Maimane. Hy sê ekke kannie ’n sê hettie, maa soek my opinie op alles wat hy wil doen en ek sê nie eintlik much nie, want ek wil hê hy moet gloe hy het ’n submissive vrou innie bed en ek lat hy vede gesels oo hoe ek moet fokus op high teas en plantjies en charities en ek dink ek doen klaaa charity dee sy dick te suck, maa ek entertain sy clearly rehearsed speech. Hy sê hy wil ’n regte change maak en iets goed doen vi sy mense en ek sit my hand op sy ballas en vra, “If you want to do something good for your people, what are you doing with an untameable coloured Barbie girl?”

**

As ’n man vi jou wys hy wil hê jy moet dankbaa wies virrie privilege wattit is om met hom te wies vat af sy voorregte soes ’n boer met sy werkers wat dié jaar ’n slegte oes gehad het.

**

Ek try deerie liewe beweeg met soe min dinge om oo te worry as possible en Xolani loep soek hulle. As ek met Xolani is mis ek vi Stefan. Stefan sien nie kleur nie.

**

As iemand sê hulle sien nie kleur nie wys vi hulle die rainbow en vra of hulle ’n ally is.

**

As hy vra of ek kan kosmaak sê ek ek hettie my eie kombysie

as hy vra of ek hou van skoonmaak en dan vra ek waavan hou sy ma

as hy vra of ek kinnes soek dan sê ek ek soekie moeilikheid nie

as hy vra ek ek happy is vra ek when last have you looked in the mirror

as hy vra wat my drome is dan sê ek ek slapie

as hy vra of ek lief is vi hom sê ek define love

as hy vra vra ek terug.

**En ’n nogge ding**

Xolani sê swart mense kannie racist wiesie cause al wat hulle wil hê is om equal getreat te wôd. Toe ek vra of mans sexist kan wies toe vra hy is it necessary to get into politics tonight?

**

Xolani is van daai tipe mans wat dink jy joke wannee jy jou opinie oo iets gie. Hy dink dis funny dat jy dink dit tel, maa dink dis cute dat jy probee om iets by te voeg. Dis vi hom ’n mystery hoe vroue ’n plek byrie tafel gekry het, cause al wat ’n vrou moet doen issie tafel dek. Ek wonne soms of hy ’n brein het, want slim wat soe voo gie kan oek net soe slim wies soe vêr soesie stem sal trek. Dit lat my dink an every man ever en hulle need om te bewys hulle issie ou innie stuk. In die case ’n wise en brave man. Ek hettie respek vi Xolani nie. Ek kannie ’n man wil oplig wie homself daa boe sit en heeltyd neekyk op allie anner onnerie. Ek wiet hy dink vrouemense wil met hom wies omdat ôs dink power is sexy en omdat ôs power desire. Xolani baby, ôs is AK47’s by nature of birth.

**

Moenie wag tot hy jou heeltemal afbriek voo jy loepie

hou darem ’n stukkie van jouself soedat jy daa op kan bou.

Moenie net sit en sy planne execute nie

set-up jou exit plan en maak sieke jou operation sal smooth run.

Moenie patience het met hom wat impatient issie

jy gie vi hom ’n bargain en hy het geld om full price te betaal.

**Trivia night**

As my pa gesê het nee issit ja as my ma gesê het ja issit nee wat moet ek nou virrie mense sê wat vra of hulle aan my kan vat?

**Rape roll out**

Vi daai broe wie haar ees dronk moes maak tewyl sy al an terug flirt wie dan vi haa kamer toe gevat het byrie party en opgeseks het in ’n stranger se kamer -

virrie love of your life wattie nee wou vat virre
antwoord nie ennie vestaan het toe jy sê jy issie lussie
en aanhou soen het in jou nek tewyl hy twie vingers
binne in jou druk en jy jouself kry vry oppie bed in jou
koshuis kamer -

virrie man wie nie vestaan jy is moeg van agte sy kinnes kyk en kosmaak en skoonmaak en oepmaak en toemaak en opmaak en afmaak saans wannee hy ytie wêk yt kommie -

virrie +27 91 110 111? Op jou phone wat vi jou
vedytlik dat hulle interest in jou gat veloo as jy nie nudes stuurie -

virrie bra wattie condom afhaal tewyl julle sex cause he likes it raw -

daais rape, baby boy.

**Skaamte**

skaam virrie gekyk – skaam virrie per ongeluk raaksien; skaam virrie vat - skaam virrie opsetlike bevoel; skaam virrie vekere woore - skaam virrie ontblooting; skaam virrie storie - skaam virrie andra; skaam virrie bely jou sondes - skaam virrie dis sy sondes; skaam virrie vroeg ryp – skaam virrie vrot; skaam virrie toehou - skaam virrie bestorm skaam virrie gedagtes wat maal soes ’n train sonne ’n stasie; skaam virrie mure wat praat – skaam virrie vensters wat alles ytlaat; skaam virrie donkerte wat alles sien – skaam virrie lig wat alles soes ’n lieg lat voel; skaam virrie jy maak kak innie familie – skaam virrie hoe kon jy; skaam virrie skaam; skaam virrie angebeweeg - skaam virrie donkerte– binne en byte. Skaam virrie binne, skaam virrie buite. Skaam virrie lelik wat ek nooit voo gevra hettie.

**Reboot**

soes ’n recovering drug addict wat sê drugs is bad gat ekke vi jou sê mans is bad. Hulle is well-intentioned beings met continuous bad outcomes. Hulle is successful failures en met sterile seeds.

**Mans –**

sou, as hulle kon, vroumense vi wie hulle rêrag lief is op iet
hulle sal haa stukkie vi stukkie byt en heel insluk sonne om haa te kou
en wannee hulle besef hulle oë is groter as hulle mag kots hulle haa op
langsie bed in ’n ou gatti’s 5L ice cream bak.

**Xolani says -**

hy het vi my geval omdat hy dink ek onsieker is oo wie ek is

ek het vi hom geval omdat hy te sieke is van wie hy dink hy is

hy like die bone structure van my gesig en my witty personality en ek love sy big balls en high sperm count want een kee swanger wies met twins isse fantasy wat ek love om te entertain.

en Xolani het 'n duur watch

soe hy het tyd.

**Genuine connections Pty Ltd**

my ma pay weekly ’n R900

op my ma se payslip staan sy is ’n cleaner maa sy is ’n quality controller innie fabriek

my pa pay monthly oorie

R25000

my ma koep elke wiek kos en help betaal my pa se skuld

**Ryan –**

issie tipe ou wat altyd alles reg doen.  Hy doen alles man en is alles man. Ryan braai, soe is lekke virrie familie as hy saamkô. Hy gooi ’n lekke dop en issie driver omtrent by elke party. Hy maak sieke dat ek my pakkie entjies het en hy koep elke kee ’n nuwe lighter, cause daa is niks wat vinniger as ’n lighter wegraakie. Ryan issie favorite virrie oumas ennie ma’s, want hy kô yt ’n goeie hys yt en is elke Sondag innie kêk - al was hy tot past 5 innie dans. Ryan is ammel se favorite cause hy stroke hulle ego en in return kry hy ammel se approval om my soes ’n inherited stuk grond agte closed doors te treat.

**

is soes sy pa. ’n Well-trained emotional abuser wat gelyktydig alles reg en alles vekeed doen. Hy het lief, maa conditionally. Hy gie, maa mettie expectation dat jy terug moet ploeg in pyn poes offe potkos. Ryan worship die Here net op Sondae ennie duiwel die res vannie wiek. Ryan klaa oo alles wat sy pa is. Ryan klaa oo alles wat hy is.

**

het gevra of ek hom sal los as hy op my cheat soes iemand wat sy cheating by the hour plan. Ryan soek ’n vrou wat bly soes Ryan se ma by sy pa.

**

As ’n oukie daddy issues het issit important om vi hom te validate. Stroke sy ego dee te sê well done baby al het jy nie sy rugby game gekykie. Lyste na al sy gekerm en sy desires om nuwe goed innie wêreld te invent tewyl hy nooit ’n effort maakie. Dis belangrik om jou safety en survival carefully te navigate mettie precision van Astraea.

*

Moenie altyd jou mond veby praatie dink ’n slag soes hy sal sê en dink ’n slag vooryt soes jou ma sou doen. As jy wil survive moet jy jouself laaste sit en jouself eeste kô haal assie ding dik raak.

**

Om met ’n insecure man te wies tewyl jy opsies het wie sieke is van hulle saak isse tipe juggling of balls wat my ma my nooit innie circus geleer hettie. Ryan het an sy pa se tet gesyg toe hy gebore was. Sy eeste woord was dadda. Sy pa het sy pap vi hom gevoer ennit lekke dik angemaak. Sy pa het hom angemoedig om sy first steps te vat. Hy was oral waa sy pa was en het altyd links voo gesit en saam met sy pa oppie jaart gesit. Toe hy 7 was toe kon hy vuur maak en toe hy 14 is toe kan hy al ry. Ryan se pa het hom elke oggend reggetrek vi skool en hom byrie hek loep aflaai en pocket money gegie virrie dag. Ryan het nooit ’n vaste meisie gehad nie, want hy het sy pa met klomp veskillende vroue gesien. Hy het gewiet dis vekeed, maa omdat sy ma by sy pa gebly het, het hy gewiet ’n vrou sal eendag by hom oek bly as sy nie sonne sy geld kon klaakommie. Ryan slaap rond sonne condoms en is ’n mobile STD. Ryan issie definition van hourie blink kant boe. Ryan sê hy willie soes sy pa wiesie, maa sy pa het sieke gemaak hy hettie opsies nie. Hy is trapped. Hy trappie yt lyn ytie. Hy volg net wat hy ken. Hy maak soes sy pa gesê het en sy excuse vi alles is *ek isse man*. Ryan, jy issie ’n man nie, jy is jou pa.

**

As jy ’n man soek wat in control is van alles

wie vi jou papiere lat sign sonne tyd vi jou ommie fine print te lies

wat bookings by restaurants maak, want hy wiet waavoo jy lus

wat jou nêrens sonne hom lat gannie, want hy is loving en protective

wat kies nog voo jy opsies gesien het, want hy het jou best interest at heart

wattie alles vi jou sê nie, want hy is mysterious

wat vi jou sê wat om an te trek cause jy is sy poppie

wat sê jy kannie gannie, want hy kyk yt vi jou

wat sê jy hettie license norragie hy sal jou oral ry -

issit okay.

My ouma het altyd gesê jy moet ees voel dan gan jy hoo.

**Gordian knot**

As jy ’n dadda het

het jy al klaa jou eeste boyfriend

ontmoet            en jou man en jou kinnes se pa’s

alle man is inherently dieselle: hom ballas is saam geknoep om ’n invisible

infinite

slap tou te maak.

**Slang innie gras**

Lyle, Stefan, Xolani en Ryan is soes mini's van my pa

as ekkie van bieter gewiet hettie het ek gedink hulle al 4 is sy kinnes.
ek sien Ryans by family gatherings
ek sien Stefans innie kêk
ek sien Xolani's oppie nuus
en ek hoo van Lyle's wannee my ma se vrinne dronkverdriet het
en issie 'n wonne ek het met die manne in my skoot gevallie
hulle is familiar
hulle is poisonous

ek issie antidote.

**Die mirror -**

voel soes ’n plek waavoo ekkie geld het om ’n plain ticket voo te koepie soe ek settle maa virre bus trip narie sonar photos in my archive van toe mammie ytgevind het van my.

**Mis**

rou se mond kan jy slegs toedruk met intimacy

die warmte van iemand se lyf tien joune wattie kouete lat vedwyn

vra hom om sy saad binne in jou te strooi soedat iets annes as angs binne in jou kan groei

dan sien jy een striepie

dan sien jy een striepie en ‘n faint line

dan sien jy twie striepies

dan …

het jy al ‘n game try wen tewyl jy niks lives oo hettie?

**Puzzles -**

is vi my my breasts wat baie klein is en my lat wonne offit melk kan produce cause ek lyk nie soes jou average koei nie my ass het dimples in en is hopeloos te pap is soesie jelly wat ouma maak virrie triffle Krismis tye my stretch marks wat gentle reminders is van hoe ver ek kan strek en my small beer belly wat my remind daa is plek binne in my om goed te hysves my love handles wat my lat vestaan my bieke kan ooloep al issie noose om my nek styf gedraai klein reminders dat ek kan - dat ekfine sal wies al voel my alles my myne my eie soes 'n scrap yard sommige dae.

**Liewe Pam oo twintag jaa,**

Ek skryf die brief vi jou in 2022. Vedag is jy 24 twintag. Is warm, jou hare is deemekaa en jy is op jou period. Daa is vanaand ’n new moon in Sagittarius ennie overall energy venaand is kak, want al waarop jy kan fokus is jou krampe.

Ek hettie baie impressive dinge om vi jou te sê nie, ultimately issit net om na terug te kyk en te sien dat jy gegloe het innie feit dat jy die slaap-sliep-ding vi nog 20 jaa kan doen. Die liewe ding, die survive ding, die ythou en anhou ding.

Dis my hoep vi jou virrie volgende twintag jaa.

Ek hoep jy is nog altyd soe harregat en eiewys soes altyd. Ek het daai en jou ability om jouself in en yt kak yt te kry altyd gelove, al hettit jou innie moeilikheid gebring by jou pa. Jou pa was oek net mens en ek hoep hy het by nou al die krag gevind om homself en sy eie pa te vegiewe.

Jou ma het altyd haa bes probee. Ek vetrou dat julle mekaa nou bieter vestaan en dat jy nie al haa lelik in haa mooi gesig gooi nie en dat julle saam kon skoonmaak waa vyl was. Vrouwies issie maklikie. Ek is amper doodsieker jy is getroud. Jy is hopeloos te oor man om sonne een op te eindig. Ek wiet dis lekke om met hulle te mors, maa veilig het jy al gevoel en ek wiet jy voel dit nou weer.

Ek hoep jou hys is vol geraas soesie kinnes op en af haloep en dat alles deemekaa is soes jou hare altyd was toe jy klein was. Jy vedien die geraas, want jy is ’n moeilikheid maker en jy vedien die liefde, te veel van dit is van jou af weggeniem.

Ek hoep jy voel jou voete. Plat, verm en geplant op jou tiles.

Los die skaam ennie skuld. Dis te swaar om oor te dra na elke fase van jou liewe. Loep lig. Loep mooi.

Pam oo twintag jaa, ek is nou moeg vannie brief skryf. My mag kramp. Jy’t sieke nou menopause en hoep jy kan terugkee na die dae toe. Is alles kak, assume ek. Mens vind net ’n way om mettie kak te liewe.

Liefde,

Period Pam

**Honestly -**

as jongvrou soek ek ’n Godvresende vrou wat skrie die tyd en daai tyd wassie Here nie soe goed nie -

ek soek ’n pasgetroude vrou wat sê ek het ’n fout gemaak

ek soek ’n mammie wat soepas geboorte geskenk het en vra watter fok maak ek nou?

Ek soek ’n vrou wat na haa ma se huwelik kyk ennie complete opposite loep soek

ek soek ’n vrou wattie gelyste het toe haa ma wys hoe
om kos te maakie en hoe om haa pa se hempde te
strykie of hoe om te sorg dattie plantjies nie vrekkie -
’n vrou wattie kos brand en wie sukkel met haa kind se
hare en wie se man heeldag oppie yaart sit wie moeg is
vannie inspyting wie haa wêk wil los wie wil vedwyn
wie nie praat oorie specials by PnP en Spar nie wie nie
worry oo of jy kosmaak of kos bestellie vroue wie
stilstaan en nie haloepie

’n vrou wie siek en sat is

maa vroue praatie oo dittie

alles wat hulle oo praat is goed wat my unsafe lat voel.

**Part B: Portfolio**

**Submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree of**

**Master of Arts in Creative Writing**

**Of**

**Rhodes University**

**by**

**Veronique Bianca Jephtas**

**November 2022**

## Inleiding

Hierdie gedeelte bestaan yt ’n collection van my reflective journals wat my overall experiences en findings gedurende die loep vannie jaa. Dit vorm deel vannie twiede gedeelte vannie thesis en maak ’n groot deel yt vannie akademiese jaa self.  Dit slyt in my interaksies met anne studente, liesmateriaal in my pesoonlike kapasiteit, liesmateriaal innie reading groups, discovering of style, reflections na klas, observasies, my engagements mettie seminars ennie assignments, my meetings met my supervisor en oek solutions virrie potholes in my writing ennie strengthening van my writing strengths.

Dit slyt oek my poetics essay in, waa ek in gesprek tree mettie essays wat ôs gelies het tydensie ‘Poetics of the wor(l)ds we live in’ seminar in April 2022.

Ek moes vier resensies skryf deerie jaa en dit volg oppie poetics essay. Die bundels en/of boeke het ek gekies omdat ek met dit geresonate het en nuuskierig was, en wou ytbrei daaoor.

My writing and reading in community workshop report issie twiede laaste veslag in hierdie gedeelte. Ek bespreek hie my overall experience tydensie workshop en wat mense weggevat het en wat ek saam kon vat.

My reaksie teenoor my reader’s report is laaste. Ek moes veslag lewer nadat ek my feedback gekry het innie vorm van my reader’s report, wattie eeste paa outside oë op my wêk was en hulle opinie gegie het.

## INHOUDSOPGAWE


Reflective Journals ……………………………………………………..…………..74

Poetics Essay……………………………………………………………………103

Resensie 1……………………………………………………………………..117

Resensie 2……………………………………………………………………..124

Resensie 3……………………………………………………………………127

Resensie 4……………………………………………………………………131

Writing and reading in community……………………………………..……135

Response teenoorie reader's report…………………………………….…..138

**Orientation Week**

Ek het angekom in Makhanda op 'n Sondag. Daa was niks water waa ek gebly hettie. Maandag gan tel ek my student card op byrie Student Bureau, toe vind ek yt Makhanda hettie Ubers nie. Oppie Woensdag besef ekkie krag is elke paa dae af, en dit issie altyd as gevolg van loadshedding nie. Mens berei jou voo virre nuwe dorp en 'n nuwe experience, maa daa is altyd goed wat jou onkant vang. Dit was preparation virrie orientation wiek wat voogelêrit. Hulle moet Orientation Week rename na Disorientation Week, elke dag innie klas wôd my expectations upend en als wat ek gedink het ek wiet van writing wôd confirm en dan gecontradict, die heeltyd back en forth. Dit het my lat besef ek moet niks assumptions maak oorie MACW course nie. Elke een van my assumptions oo Makhanda was vekeed. Orientation week was presies soe brutal, intense en disorientating soes elke lecturer ôs beloewe het op dag een. Maa die experience is enlightening en exciting.

Wat vi my die meeste ytgestaan het wassie free writing sessions. Basically 'n prompt driven exercise waa een vannie students of lecturers 'n random phrase kies en ammel kry 'n baie limited tyd om iets te skryf, based op dai sentence. Ek het 'n background in theatre, en free writing was part van my courses. Maa during die MACW free writing sessions, is ek baie meer focused as vorige tye. Die wêk wat ek hie produce het was random, maa vol potential. Ek was bly om te sien dattie randomness van prompts my gedwing het om bietjie outward looking te skryf, en nie soe direk yt myself nie. It was strangely liberating.

I spoke about this experience in the second free writing session with Mangaliso Buzani and Chwayita Ngamlana, twie van ôs lecturers. Upon reflecting on the session, it came to me that my theatre and performance training has a bigger influence on my writing than I realized. It was on stage that I learned to improvise, think on my feet and always stay focused and in the moment. Improvising is a skill that was drilled into me. Thus, I could cope well with any prompt given to me at any time and write a completed story, be it in 5 lines or 15. However, the complete story was not the focus, but rather the ability to dive into a topic or theme without restricting my poetic voice, and it showed.

Die reading sessions was equally engaging. It became quite clear to me that although we all enjoy reading, our growth can often be stunted or slowed down by isolation. Die proses van lies,

comment, feedback en discussion is creative en allow mens om interesting perspectives te kry wat jy otherwise nie sou an gedink het nie.

My focus this year is to pour from myself and create work that truly challenges me, within the parameters of my comfort and along the borders of my discomfort. Die isse jaa waa die ding gat ruk, waa die ding hand yt gat ruk, maa oek reg gat ruk! Een van ôs lecturers, Paul Wessels het gesê, “If you’re not fucking up, you’re not doing the course correctly.” Dai statement agree met my, want ek wil wêk create wat my nervous gan lat voel.

**Meeting Poetry**

Die wiek was ’n challenge omdat ekkie die “Meeting Poetry” seminar met Mxolisi Nyezwa kon bywoonie. It was surprising dat ek soe ongelooflik yt gevoelet. Nie net omdat ekkie daa wassie, maa omdat ek innie proses gevoel het dat ek ytmis op ’n belangrike learning opportunity. Veral omdat die focus op poetry was. Ek het at least die opportunity gehad ommie assignment te voltooi en deel te wies vannie feedback session. Omdat elke lecture dee ’n veskillende lecturer is, is daa ’n vrees dat jy net might ytmis oppie een wat rêrag vi jou bedoel was. Dis soos om ’n anthology series te kyk. As dit goed is, wiet jy elke episode gan ’n dramatically different perspective gee.

Ek hettie assignment brief gekry en begin skryf. Die eeste topic was maklik om oo te skryf: “A leaf falls in the ocean. What happens after? What do you hear?” Die seer is altyd ’n gemaklike ding om oo te skryf. Water as ’n element dra sterk visual en emotional associations vir my. Mettie see gan baie mooi en seer gepaard soe, om inspirasie van iewers yt te trek is maklik. Die twiede prompt was baie mee difficult. “You hear a knock at the door. You open and find no one. A cold breeze brushes your skin. Describe what happens when the glass that was filled with water beckons you to come outside.” The only thing that helped me with this prompt was the breeze. Even though I didn’t know what the hell I was doing, I let that breeze carry me. In the feedback, Lelethu mentioned that my poem in reaction to the second poem had put the prompt in context and “showed her what to do with it.” I was again reminded of free writing and the whole intention behind it. To just write, uncontrolled.

Dit wassie eeste wiek waa ek my wêk getranslate het soedat die lecturer ennie res kan vestaan. Ammel vestaanie Kaapsie. En hie is nie een student die jaa wat Afrikaans of Kaaps praatie. Ytie lecturers issit net Marike Beyers en Nathan Trantraal wat Afrikaans en Kaaps vestaan. Nathan is my supervisor. Ek het gewiet Nathan gan probably nie innie feedback session wiesie, omdat ek originally nie die wiek sou attend nie. Die comments was dat my translations baie strong is. Dit het my lat besef dat alhoewel ek trots Kaaps is, dit dalk 'n goeie idea sou wies om my wêk te translate. Om ownership te vat vannie process, en sieke te maak my wêk wôd nie distorted in translation nie.

Ek het innie feedback session gepraat oo hoe feedback gee baie maklik is, maa om dit toe te pas baie moeilik is. Ammel kon saamstem. Om krities te kyk na my eie wêk is baie meer van 'n challenge as om krities te kyk na anner se wêk. Ek dink daa isse metafoor hier wat op meer as skryf toegepas kan wôd.

Dit is alles as gevolg vannie pace vannie course. Omdat daa soe baie is om mee op te vang en te lies. Om 100% present te wies in daai experience, is daa nie eintlik tyd om 50 drafts van my wêk te doen om te sorg dat ek die beste wat ek kan doen voo te sit nie. Dis niemand se problem nie. Dit is net my oberservasie en dalk my irritasie oorie min ure inne dag.

Tussenie op en af vannie wiek het ek wee gelies an Ronelda Kamfer se debuutroman, *Kompoun*. Dis hands down 'n classic en jewel innie literary pond is. King Kamfer se ability om genoeg te gie virrie outsider om in te kô en nuwe insights virrie insider te gie, bly unmatched. Die novel is ‘n geoei example vi my van hoe ommie temas wat ek bespreek in my digkuns suksesvol toe te pas in ‘n anne genre, sonne om my stem en sterkpunte te veloo. Ek het oek verder gelies an *Killing Kanoko* dee Hirami Itō. Die gedig *Killing Kanoko* bly vi my striking. Die repetition wat sy gebryk innie poem laat my dink an hoe ek my spoken word poetry compose. Oek die heavy narrative wat gedeel wôd in 'n simple yet terrible manner. Dié gedig spesifiek maak my nie bang om lynne agtermekaa te herhaal in my gedigte nie. Meer oor hierdie bundel sal ek express in my review later innie jaar. *A Bestiary* dee Lily Hoang is soes drukkies, fitting vi 'n goeie en 'n slegte dag. Die manier waarop sy haa collection compose het gie vi my 'n direct indication vannie rhythm. Waa ek moet gan, stop en wanne sy wil hê ek moet asem skep. Dit is iets wat ek elke wiek — nadat een vannie lecturers, Vangile Gantsho my advice gegee het om my poetry te skryf soes ek wil hê my reader dit moet lies — in my creative writing try incorporate. Dis maklik om influenced te wôd dee Hoang, omdat al my wêk rhythmically inclined is. Dit maak die skeppingsproses makliker oo ek ‘n goeie example het om op voort te bou innie literary scene.

Met alles dit gesê, moet ek sê elke wiek raak bieter. Ek sien yt na nog ’n wiek van explore en voel asof ekkie wiet watter hel ek doen nie. Iets wat vi my ytgestaan het, was toe Mxolisi gepraat het oo hoe belangrik dit is vi ’n writer om te sê dat hulle nie wietie. Dis presies die overall gevoel wat ek gehad het toe ek sy assignment gedoen het, en in daai space of uncertainty and not knowing, lê die absolute gems innie creations en dis lekker om te leer en te leer. Ek dink dis wat ek grootliks wegvat, dat ek nooit myself moet afsny van kennis en nuwe maniere nie. Dit belangrik vi my kuns, dis belangrik vi my groei en my stories.

**Writing Fiercely**

Met betrekking tot Kerry Hammerton se “Writing Fiercely” seminar, wassit ’n relief om die wiek te focus oppie writing en nie noodwendig die prompt nie. Dit was ’n welcome mind shift vannie writing assignment wat Mxolisi gegie het die wiek tevore, waa die focus oppie prompt was. Met dit moet ek sê dat ek weereens opnuut besef het dat my eeste task as ’n writer is om soe dydelik as moontlik te wies oppie bladsy. Dis oek iets wat die wiek innie reading group session opgekô het—toe ôs back en forth gan oorie feit dat sommige singular pieces konteks nodig het— en nie net op hulle eie kan survive nie. Ek stem saam met al twie opinies. Alhoewel die stuk op sy eie baie clear, concise en striking moet wies, is daa value in om te kyk narie tyd waarin die piece geskryf was, wie die skrywer is en wat hulle voo staan. En oek hoe die socio-political realities vannie tyd inspeel mettie narrative. Dit is hoofsaaklik wat ek enjoy van ’n piece wat ek nie mee kan relate of vestaan nie. Die feit dat ek kan staatmaak oppie external information wattie picture later gan vul wanee ek dieper innie piece krap en oek dieper gan in wie die skrywer is. Dis wat ek experience het innie reading group session met, *A Story of Our Times,* dee Pitika Ntuli, wat een van die students innie reading group present het. Dit dare my om te gan opsoek en vrae vra, en soedoende kry ek meer kennis oorie wêreld by.

Terug by my punt oo my responsibility om soe duidelik as moontlik oppie bladsy te wies vi my reader. Ek dink daa is ’n fine balance tussenie outsider ennie insider. It goes both ways, en dis literally of jy kan relate of jy kannie, dit moenie jou objective view van ’n literary body of work colour nie. Byvoorbeeld, Angi Becker Stevens se, *Blood not sap*, wat Lelethu annie reading group present het die wiek. Dis fantasy fiction wattie iets is wat ek sal wil lies nie, maa die piece of

writing is captivating en intriguing. Alhoewel ek niks gloe wat die vrou skryf nie. En dis wat ek dink my responsibility is. To be clear, to write respectfully and cleverly, yet simply. Al issie content van my storie nie na my reader se liking nie, moet my way of writing altyd sterk wies.

’n Groot risk wat ek die wiek gevat het mettie assignment is om myself volyt te immerse innie wêreld vannie mense oo wie ek praat in my poetry. Ek het ’n backstory gehad oo elke narrator’s voice en dit het contribute tot ’n paar suksesvolle short stories wat ytgekom het innie wêk. Ek wou baie focus oppie energy wattie narrator in elke piece het, en moes slim dink an ways om daai te communicate. Ek het oekie geskryf yt my personal experience nie, maa wel yt personal cultural knowledge, wat ’n great technique is om my innie creative headspace te kry. Om te skep mettie vryheid en respek wat my wêk require.  Dis iets waarop ek wil bou innie volgende paa maande voo my thesis priority vat. Ek wil my training en professional experience use om fully in ’n karakter se skoene te trap, stap en om in haar of sy vel te lê. Alles moet three dimensional wies en reality accurately reflect.

Ek het baie gelies en observe die wiek. Vanaf*Noudat slapende honde* dee Ronelda S Kamfer,*Innie Shadows* dee Olivia Coetzee, *PP/FF*, A anthology edited dee Peter Conners, en *30 Under 30 A anthology,* edited dee Blake Butler en Lily Hoang— het *The Source of Authority* dee Diane Williams my gehook. Vanaf die eerste line, “A sad story I heard,” ennie laaste lyn, “I am trying to be independent. Is that wrong?” issie perfect balance tussen melancholy ennie hopefulness vi ’n bieter reality. Die duality in wattie narrator vetel is potent ennie overall storie is ’n great example of being economical with words.

Ek het my eerste meeting met my supervisor, Nathan Trantraal gehad die wiek om te gesels oorie jaa en wat ek wil doen, wil leer en wat my planne is vi my thesis. Wat basically daarop neergekô het dat ek nie moet terug staan nie, die tyd is nou, maak kak, dala flat en maak sieke dis bieter as jou eerste body of published work, because we always aim higher.

Met betrekking tot wat ek die wiek geleer het, stem dit vannie comment af wat Nathan op my poem “Ode to my pussy” gemaak het:

> ek dink mans wat pubic hair prefer is real mans en as jy daai in sy history searches vi porn
> kry kan jy safe en seen voel en die wat gladde vaginatjies prefer is rapists en soek
> undeniably die taste vanne kaalgat peske
> vroeg ryp vroeg vrot sou my ouma sê
> moenie jou koekhare skeer as jy op jou period issie moet nooit vi hom ’n gap gie nie al bloei
> die apie se nies, die sirkus fuck voort

Nathan se feedback was rondom hoe alles wat ek opgeset het geland het waa dit moes. Wat baie beteken het, angesien ek baie tyd en detail invest het an die poem. Dit het my gelee om clever te wies in my writing, mettie right amount of sarcasm, en ’n great balance tussen true findings en technique.

Nou toe, lattie ding begin ruk!

**Ougat**

Ek het *A Bestiary* dee Lily Hoang, en *Killing Konoko,* dee Hirami Itõ, veder gelies. Ek like nie rush met ’n boek nie, alhoewel ek wiet mens is op tight deadlines. *A Bestiary* leer my elke keer om te skryf sonne boundaries en om alles net te laat vloei. Dis asof daa nie walls innie writing issie, yet as jy ’n insider is, sal jy weet dat daa wel is. Hoang se writing styles influence my innie sense dat ek my painful experiences in my writing digestible kan maak, nie net vi my reader nie, maa myself oek. Itô hou aan om my te leer om te skryf mettie bewusheid vannie insight vannie insider ennie outsider. Dat my wêk myne is, maa oek almal sin wat kan relate.

Ek het *Ougat: From a Hoe into a Housewife and Then Some* dee Shana Fife begin lies, en om oppie journey of life met ’n Coloured woman vannie Cape Flats af te gan het gevoel soes ’n breath of fresh air. Ek het lanklaas stories vannie hys af gelies. Ek het myself soe immerse innie stories vannie writers wat ek discover het hie by MACW dat ek bietjie gedrift het van wat ek ken. Shana skryf eerlik oo haa upbringing en sexual experiences en gie ‘n unfiltered view van ‘n toxic Coloured household. Ek dink dis dapper om jou storie te deel. Ek wil soe dapper soes Shana wies ennie worry oo wattie backlash of response teenoor my wêk gan wiesie.

In my meeting met Nathan het ôs bespreek hoe alles wat ek skryf moet kan exist in balance. Die is gespark dee een vannie poems wat ek geskryf het vi Kerry se assignment, waa die opening line vannie poem was, “ek dink mans wat pubic hair prefer is real mans en as jy daai in sy history searches vi porn kry kan jy safe en seen voel en die wat gladde vaginatjies prefer is rapists en soek undeniably die taste van ’n kaalgat peske.” Dit was interessant om te praat oo hoe om my beliefs en

opinions te square met 'n idea wat universal is, maa nie 'n fact issie. Daa is altyd 'n way om controversy in te bring, en as jy dit reg doen, sal jy nooit die controversial een wies nie.

Innie poetry reader wat Mxolisi provide het skryf Nicanor Parra in *Young Poets*:

> In poetry everything is permitted.
> With only this condition, of course:
> You have to improve on the blank page

Nathan hettit wee in my gedrill dat jy altyd moet skryf soedat niemand kan improve op wat jy geskryf hettie. Dala what you must and dala to the best of its ability, and not yours. Cause as jy 'n ding innie wêreld instuur, maak sieke dis fokken fantastic!

**<u>pienk ceramic-hondjies</u>**

Die seminar was die wiek benader oppie selle manier wat ôs die reading groups benader, mettie exclusion vannie discussion narie tyd. Jo-Ann Bekker hettie discussion points klaa gecapture in haa notes oorie assignment. At first het ek gedink, okay cool, dis lekker en dit flow nice, maa narie tyd het ek besef hoe valuable die discussion van elke piece is. Valuable, maa nie crucial nie, want mens moet altyd op jou eie 'n conclusion draw en self ytfigure wattie poet of writer vi jou probeer sê. Wat bydra tot die volgende punt, die assignment was om obliquely te skryf en volgens Jo-Ann se feedback het ek die assignment verstaan en nicely complete. Al het baie dinge net vi haa begin sin maak toe sy dit weer oo lies ennie titles en alles verstaan. Alhoewel dit natuurlik nou ge-edit was na die feedback. Nathan het nie regtig die wiek se writing vestaan nie, maa hy het gesê hy verstaan wat ek wou probeer doen. Ek dink dis wat vi my belangrik is en wat byval by advies wat Nathan my vroeg gegie het. Nathan het gesê hy hoefie my wêk te vestaanie, soelank ek dit vestaan en kan beantwoord op vrae is alles fine. Dit het my gewys hoe ek nie net moet skryf innie konteks vannie assignment nie. 'n Gedig moet inne form gesit wôd waa al die information embedded innie gedig is, however obliquely die poem of prose piece is.

Ek en Nathan hettie die wiek gemeet nie, maa hy het wel vi my gesê om Ryan Pedro se *pienk ceramic-hondjies* te lies. Die digbundel is constructed as 'n mixtape. What a mixtape en befokte journey. Dit het my laat dink aan *PP/FF: An anthology*. Hy speel lekke met vorm en ritme en

structure en sustain die metaphor vannie mixtape tot annie einde. Dit was truly befok, en om actual playlists te kry terwyl ek lies, alhoewel dit virrie karakter Wendy is, is befok! Ek dink dis amazing wannee writers, techniques en ways of saying something in a smarter, punchier, and more fucked-up way kan deel inne community wat nog nooit gesien was as mense met iets het om te deel nie, maa on the down low gemarch het mettie tools en tricks om alles binne sekondes te lat ruk en op te fok. Daai is Kaaps. Dis ’n exciting tyd om te skryf, te leer, te lies, te wies.

**Narrative Conventions**

Paul Mason se seminar oo conservative narrative conventions was ’n gift from above. Alles was clear from the get-go en ammel kon begin explore binne die conservative conventions van narrative writing. Dit was vi my particularly exciting, omdat dit die eerste seminar, since Henali se Writing Simply seminar was wat directly aangeslyt het by wat ek geleer was tydens my honours degree in creative writing , en wat ek gedoen het as ’n working writer – practically, cause my hele undergrad en postgrad was ek meer oppie vloer en practical scene en min innie boeke besig om te study vi A’s. Dis iets waavoor ekkie kan study nie, dit rely entirely op my creative talents. 90% vannie tyd kry ek die beste wêk wannee dit spontaneously gedoen wôd, ampe soes mettie free writing exercises, maa binne die conventions van narrative writing. Dis nie te sê die assignment was super easy nie, want die narrative conventions van beginning, middle en end is kak boring most times. Jy wiet klaa wat om te expect, maa om teen die conventions te gan, moet jy eers wiet wat die conventions is. Dis presies dit wat phase twie vannie assignment die wiek soe exciting maak. Die structure wat gefollow was die wiek het basically apply oppie screenplays wat ôs devour in ôs free time. Ôs is key words gegie dee ôs fellow writers. Lelethu het vi my, my protagonist, setting, plot event en theme gegie. Sy het vi my ’n 18-year-old girl gegie wat gesave wôd dee ’n new bachelor in town. Die grootste challenge was sieke dat die karakter ’n meisie was. Ek is naturally drawn to writing about males, because why not fuck with them a little more? Dis familiar territory, alhoewel ek wiet ek kon iets mee exciting gedoen het mettie prompts wat ek vi Yenzo gegie het. Ek het eintlik prompts vi Yenzo gegie wat ekke sou wou hê. Dit was toe die catch vannie wiek, want toe Paul sê ôs moet prompts neeskryf, dink ek het almal half prompts geskryf virre storie wat ek graag wil doen. My kop het in ’n million directions gehaloep, totdat ek gehoor het ek moet dit weggie. Nonetheless, was daa steeds plenty of room to play. In my opinie, as mens soe ’n assignment kry, issie ienigste plek waa mens kan speel jou voice, want alles annes is predictable. Dus het ek my bes

proebee om my cultural voice te amplify innie assignment omdat die prompts nie van my binnestes afkô nie.

Die reading group was hierdie wiek maa bietjie annoying. Elke kee wannee ek ’n storie approach try ek kyk na ways hoe dit my writing kan influence, which is after all wat die course encourage. Om te lies en dan inspired te wôd deurie techniques. Maa hoe meer ek lies, hoe meer issit ’n ding van lies net die body of work en moenie alles te ernstig opvattie. Dis ’n master’s degree. Ek vattit ernstig op, annes sou ekkie my lewe uproot het as ekkie gedink het dit gan my personal growth, creative-en technical abilities innie konteks van writing kan improve nie. Vi my gan dittie net oo lies nie, dit gan oo critically engage mettie text, en angesien dittie in ’n academic way gedoen wôd nie, dan at least vanaf ’n creative en technical perspective. As ek *net* wou lies, sou ek in daai tyd in my kamer sit en Ronelda.S. Kamfer se bundels lies, soes ienage anne tyd, cause dis shit wat ek undeniably enjoy. Dit gannie vi my oo of ek of iemand annes saamstem mettie topic en dink die body of work is disgusting en shouldn’t exist nie, maa oorie manier waarop dit saamgestel is, soes in, *Bride price* dee Mabel Segun, en hoe economic of structurally clever die writer die body of work saamgestel het. Ek het net een van my pieces die wiek gelies — die poem, “Where passion becomes sound” dee George Looney, wat my geleer het is okay om nie net te skryf oo my perspective of experience nie, maa om soms net ’n baie mooi storie te vertel, en ommie subteks as subteks te hou. Soms is dinge baie meer eenvoudig. Soms is ‘n storie eenvoudig.

Donderdag se poetry reading group was soes ’n bakkie sago pudding op ’n koue dag. Soes Ouma se liefde innie oond en Oupa se gedans na ’n paa doppe op ’n Vrydagaand. Ek het myself baie geniet mettie wêk wat Marike gestuu het. Dit het gehelp ommie gedigte vooraf te hê, nie net virrie seminar nie, maa virrie poetry reading oek. Dit skep altyd mee fruitful conversations en vermy die off the cuff responses wat exchange wôd wannee mense net ramble en nie regtig engage nie. Spontaneity is great, maa soes ek die heeltyd sê, die poetry gannie vi my oorie enjoyment daarvan nie, dit gan oo engage mettie teks en discuss wat gedoen wôd ennie overall arc vannie poet se wêk.

In my session met Nathan het ek en hy gesels oo introducing elements wat universal is in my wêk, soedat dittie soe isolated issie. Een vannie conversations wat ytstaan ytie meeting is hoe Nathan gesê het hy hoef nie altyd die wêk te vestaan nie, soes vooraf genoem, die belangrike ding is offie writer dit vestaan. Ek, in dié geval. Dus, as daa vrae gevra wôd, its not to test your knowledge of om ’n kak mens te wies nie, maa liewer om te clarify of jou voice, use of words, techniques en

content gejustify kan wôd dee jouself as skrywer. Cause the thing about writing is, as jy wiet waarit brand and you've done it well, kan niemand jou fokkol sê nie.

**Poems about poems**

Nog 'n laaste ding, om 'n writer te wies is terrible en ek is die wiek gelos met meer vrae as antwoorde. Maa dis great, cause ek skryf omdat niemand luisterie, omdat ek try sinmaak vannie terrible en happy en sad en know-it-alls … ennie messy. Ek wiet oppie oomblik nie wat writing issie, of wat dit supposed is om te doen nie en iemand kan my sê, maa daai is oek net hulle opinion.

Hierdie wiek was half 'n blur en half clear. My moon was die wiek in Virgo, soe alles was kak. Marike Beyers se seminar "Poems about Poems" was interessant. Wat vi my opvallend was was toe sy gesê het dattie grammar van 'n stuk minner belangrik is assie overall gevoel en inhoud vannie poem. Dit het my laat dink annie literary devices wat ôs tot ôs beskikking het bv: similes, metaphors, juxtapositioning, alliteration, etc. Hierdie devices dra niks by tot 'n gedig, behalwe as content virrie les wattie onnies op skool voosit. Dit baat niks as 'n skrywer nie wiet hoe om dit op 'n effektiewe of aktiewe manier te use nie. Natuurlik, leer ek soes ek al hoe meer groei in my skryfwêk, maa dit was 'n worthwhile note om te maak sodat ek nie distracted is dee hoe die gedig lyk of klink nie, maa net focus op wattie gedig sê en of ek dit oppie beste manier ookry.

Ek het gedink dat Nathan sou kô narie feedback session, maa Marike het gesê issie nodig nie, cause sy vestaan die taal waarin ek skryf. Maa sy verstaan nie die cultural aspect nie. Dit was amazing om vi Hleze en Manga daa te kon hê vi Yenzo se IsiXhosa stuk. Die manier waarop hulle feedback gie is totally different. Dit gannie net oorie taal vestaan nie, maa oorie koers wattie storie invat en of daai suksesvol gedoen wôd en of daa nuwe insights gegie wôd innie storie. Dit sal nice wies as daa altyd iemand wat jou cultural konteks vstaan by feedback was. Mens is verby, "It's a nice poem" en "Good job". Ek is byrie punt waa ek actively vorentoe push om creatively te expand en myself te challenge en my voice te amplify en te purify in ways wat nie available is outside vannie master's course nie.

Die reading group was refreshingly nice, cause ek dink allie pieces het equally thought-provoking conversations begin. Ôs het onne andere, *How,* dee Roxane Gay, ennie, *Blue-bearded Lover,* dee

Joyce Carol Oates gelies. Ek het Matt Bell se, *Jumpman vs The Ape,* gelies. Bell se ability om oo twie goed gelyktydig te skryf, die lewe ennie *Mario Brothers* game, is wat ek 'n two-for-the-price-of-one special sal noem. Annie einde vannie storie sê Bell jy kan die game reset. Dit het vir my gevoel hy hettie hele storie en allie stages geskryf en beskryf mettie einde in gedagte, al dan nie die einde nie, maa at least die option om te reset, because met daai in gedagte kon die game enige ander tyd klaa gewiesit. Die feit dat Bell iets sou skryf as, "… then you will …" was wat my annie begin gelok het narie storie toe. Ek voel verantwoordelik as 'n leser wannee 'n skrywer direk met my praat (of hy dit nou so intend het of nie) en dit maak my nogal nosy om te sien waa, "ek," opeindig. Ek dink dis baie ballsy en in your face om jou leser direk an te spreek, and a nice way to fuck with them … gently, of course. *Upon Finding a Knife,* dee Suki Wessling was 'n breath of fresh air. Ek is mal oorie vierde muur briek, dis in fact weinig dat ek myself sal immerse inne storie waarie fourth wall daa is. Dis hoekom ek daarvan hou om one-man shows te skryf. Ek like conversation wat my gan laat dink en bietjie ongemaklik laat voel of vi my gan laat dink innie moment, soes Suki wat sê, "Sometimes a knife is just a knife." Ek is skuldig daaraan dat ek myself gerob het vannie experience om net te lies of net te kyk, omdat ek wiet dat as ek iets in my stories sit moet dit motivation het, dit moenie onnodig wies nie, maa soms dilute allie vrae die storie en vat weg vannie takeaway—dat dit net 'n storie is. Of dit 'n goeie of slegte een is kan ôs later oo stry.

*The New Black,* edited dee Richard Thomas, is een vannie beste anthologies wat ek al ooit my hanne opgesit het. Die manier waarop elke storie insightful is, carefully crafted geskryf was dat jy jouself immerse innie storie, het gemaak dat ek sukkel ommie bundel neer te sit. Soes bv: *How,* dee Roxanne Gay. Sy skryf 'n storie oo twie susters wat dee absolute hel gan en het steeds die ability as writer om emotional distance vannie storie ennie characters te bly hou. Dis oek geskryf op 'n realistiese manier, wattie storie toeganglik maak. Nie net vi iemand wat skryf en skryf style vestaan nie, maa vi my iemand soes my ma. Dis plat en tog nie, en sulke stories is wat vi my attract. Eenvoudig, soesit is ennie met fancy toertjies nie. Sê wat jy wil sê en gan. Los dan jou leser om hulle eie assumptions te maak.

**<u>Poetics Essay draft</u>**

Daa was baie dinge wat ek nie kon sê of address in my poetics essay nie. Weirdly, hettie word count vi my restricted laat voel. Daa is sekere topics waaoor ek 4000 woorde per topic kan skryf, en toe ek basies dee my eerste drie topics in my essay is, toe besef ek, oh fok, hie sal ek moet starrag. Dis overall lekke om hierdie tipe dinge te kan bespreek soes bv. Hoe skep mens? Wat is ’n poem? Hoe influence poetry prose en vice versa? Ek was veral interested in narrative en storie, en hoe ek my balans en manier van skep rondom dit structure. Tydens Phillip Zhuwao se onderhoud dee Alan Finlay, is hy gevra wat hy like van Dambudzo en hy het gesê, “He says the truth about everything – the way we see life, those near us, our society, the truth comes from the heart. But I know much more about life than to copy from Dambudzo. Where I write from, it’s my own experience, personal experience. What I’ve seen. What I’ve felt. My relationship with people. My loves.” Dit het my lat wonner oorie responsibility wat ek het teenoorie dinge wat my inspire en influence. Die kuns ennie liewe loep parallel met mekaa. Whether we want to admit it or not. En alles is political, and the very act to not be political in itself is a political act. Wat aanslyt by wat Taiye Selasi bespreek het toe sy skryf oorie pigeonholing van African writers. Dis asof die topics wat ôs highlight in ôs wêk serve as ’n coping mechanism. As Chimamanda Ngozi Adichie oppie “not telling a single story of poor, fly-infested Africans that goes overboard into the halls of Princeton, of mansions, housemaids, and casually worn and perhaps ill-gotten wealth” manier create en Bulawayo oppie “airing Africa’s dirty laundry” manier create, issit hulle ways van deal mettie realities wat hulle vanaf kô en experience het. Vi my issie writer se manier van dinge express, die topics wat hulle aanpak ennie stories wat hulle try document, ‘n refleksie wat hulle consume en ‘n sterk opinie oo het. Oppie ou end vannie dag is dit waarin die skrywer ’n way out, ’n escape of ’n safe place het. Writing ’n coping mechanism, ’n weapon, ’n shield. As ekkit nie mis hettie, was dit Maishe Maponya wat gesê het dat hy nie kan skryf oo blommetjies en al daai mooi dinge nie, cause daa waa hy bly issie blommetjies en mooi dinge nie, soe hy skryf oorie struggle en injustice en uprisings. Dit was reeds in sy teks, *Gangsters*, waa dit aangspreek was. Dis soes ek wat weinig skryf oo liefde. Surely kan ek oo dit skryf, but it’s the least revolutionary ding om oo te skryf.

Hierna issie split tussen die prose en poets gemaak – soe alle relfections is poetry based en alles wat bygedra het tottie volronding van my tesis.

**<u>The political is personal</u>**

Yteindelik kan ek net fokus op poetry. Die enigste manier hoe ek die relief kan beskryf is om jou te vra om te dink aan jou eerste regte orgasm waa jy gevoel het jy is ’n porn star. Dink aan ’n “Oh this is what they were talking about” en ’n “Another round, please?” moment. Dis amazing wat mens kan create wannee jou focus solid is en jy allerhande noise yt tune. En ek gebryk noise, maa lightly cause nie alles wat tyd opvat is distractions nie. Maa ek wiet watter crafts en tools ek van myself wou sharpen en ek wiet waarop ek wil focus en wat my weak points is, dus issie nuwe isolated focus ’n blessing.

Die political is personal seminar readings met Vangi was mooi en seer. Ek kan mee impressive en expressive woorde gebryk om dit te beskryf, maa meeste vannie tyd issie eenvoudige woorde die beste manier om dinge te beskryf. Die seminar was stimulating, thought provoking, ’n non-verbal emotional release wat nodig was as catalyst vi my creative writing. Die seminar was soes ’n dare ennie Here hoor my, wannee iemand jou dare, moet jy dala. ’n Quote ytie seminar wat ’n driving force vi my die wiek was dee Tina Chang:

> For me, the content was paramount, and I tried to hear what it had to say and how the story should be told. When I think of form, I envision the poem’s physical movement. Is it a wolf? It is a panther? How does it want to unleash itself?

Ek het genuinely begin dink annie physical movement, nie net van my poem nie, maa van elke woord in my poems. Ek wou nie ekonomies omgan met alles nie, maa strategically. Om myself as skrywer te vra hoe my wêk dit self sal unleash het my gehelp ommie fokus te sit oppie poem, en níé op wat ek wil hê die poem moet sê nie.

Die Zuihitsu vorm is vi attractive. Dis inviting. Dis welcoming. Dis scary. Dis messy. Dis different. Dis necessary. Dis terrifying. Dis all over the place. Die vorm het my geliberate ommie balance te vind tussen following the brush and not controlling everything in creating and editing. Die skryfproses was freeing en scary. Innie free writing activities het ek truly net geskryf. Selfs innie samestelling vannie free writes as een associative poem, het ekkie stumbling over my words gehou soes dit is. In my persoonlike liewe is ek moeg van dinge control en polish en dis wat ek al hoe meer deesdae voel wil ytkô in my wêk. Daa is ’n sense of unleashing wat oorvat wannee ek skep. Maa dit kô tien ’n prys. Daa issie fear in writing something as is, by tye. Wat ek myself gesê het, is dat daa net fear is omdat dit die waarheid is. Wat kak insane is, cause for the first time skryf ek baie min oo my regte liewe en gie total control oor virrie storie wat van my vingertoppe af wil vloei.

Fear in writing could create fear in reading, en daai is wattie squad wat soe comfortable is nou kort—’n bietjie bang maak!

Safia Elhillo se “did our mothers invent loneliness” is sieke een vannie beste poems wat ek al gelies het. Die poem is heavily layered en personal en political en tog light. Ek is veral interested in hoe dit omgan mettie issue van language. Sy skryf:

> did our mothers invent loneliness or did it make them our mothers were we fathered by silence or just looking to explain away this quiet is it wasteful to pray for our brothers in a language they never learned

Language issie net verbal nie. Dis oek iets wat vi my underexplored is. Ek het vrinne watte jaar terug rond gespeel het mettie konsep van taal oppie vehoog. “Loneliness”, “silence,” en “a language they never learned” alles imply vi my dinge wattie vestaanbaar issie. Hoe navigate ôs ’n world waa ôs nie ’n common language hettie? En hoe depict ek as writer dit wat experienced was, wattie brain process, wattie liggaam voel, wattie vedytelik kan wôd met of inne spesifieke taal innie written form nie? Dis alles goed waaroor ek dink. Hoe skryf mens oo sexual abuse wat ek net kon voel? Hoe beskryf ek unexpected bloed tussen my biene vi iemand wat ’n man is? Hoe beskryf ’n kind wat voel hulle wôd nie gehoorie virre ouer wat te held up is mettie bills wat betaal moet wôd? Hoe narrate en explain ek wat mens net kan voel? Ek hoep om met practice vi myself die antwoord te kan gie.

**<u>The only writing is rewriting</u>**

Nathan se seminar was totally nie wat ek expected hettie. As ek dink an rewriting dink ek obviously oorie feit dat mens edit en edit en edit tot jou piece completed is. Iets waaoor ek die wiek gewonne het was wannee is jou piece actually complete, omdat ek lately sien dat baie van my vorige wêk wat ek wee dee lies en op reflect, ge-edit en vebieter kan wôd. Dit lê die klem oppie feit dat ek my wêk moet edit, constantly, tot dit presies is wat ek wil hê. Soedra jy nie mee daaraan kan krappie, issit reg. Om terug te kô byrie seminar, het Nathan ôs geteach oorie lineage vanne written piece. Ekke gat admit, dis iets waaraan ek noggie vooraf gesit en dink hettie, en oekie an ommie heritage in

writing te vind nie. Dit was interessant en is een van daai dinge wat jy nie hard oo dink unless iemand dit noemie. Alles kô van iets af. Alles is 'n product en by-product van iets.

Virrie assignment moes ôs 'n storie of gedig in reaksie tot 'n anne poem of storie oorskryf. Die prompt innie readers was 'n goeie starting point, maa dit was vi my 'n bietjie further removed van my reality. Ek kon slegs begin skryf toe ek wee *Noudat Slapende Honde*, *Chinatown* en *Hammie* van King Kamfer gelies het en oek *Chokers en Survivors* dee Nathan. Om een of anne riede hettie lineage wat strek tot 1600 en/of 1800 my nie gecapture soes recent new-borns nie. Dis interessant. Ek moes ees iets naby vind, om nader an myself te kô. Cause soes Nathan gesê het*, we create something new not by inventing, but by adjusting.* My experiences maak vi my original, en my manier van daai relay in my wêk maak vi my different, want my existence is unique. Al issie events in life similar vi baie is is my gevoelens en reactions teenoor dit myne. Wat my oek baie gehelp het mettie seminar is dat ekkie hoef te copy nie. Ek kon iets klein vat, iets unnoticeable en haloep daarmee. Cause soms is 'n perspective shift genoeg om op 'n piece te reageer en/of 'n nuwe storie te skep.

Om vi Jeremy Vearey, die writer in residence, innie sessions te gehad het die wiek hettie wêreld se veskil gemaak. En dit kô terug narie punt wat ek iewers in RJ rondom Marike se klas geskryf het oorie feedback op my wêk het. Dis impossible om balanced feedback te ontvang, wannee daa net een mens is wat jou taal, culture en lived experience vestaan. Daa is geen manier hoe mens groei tottie beste van jou vermoë assie gesprek net heeltyd back en forth tussen twie mense gannie inne tyd wat bedoel is vi shaping en developing en integrating. Twie mense dink nooit dieselfde nie, drie nog minner, wat in turn space gie vi mee growth en mee feedback om te process. Ek like dat Nathan en Jeremy twie mans is en my topics head-on kan address ennie gender konteks vestaan. Hulle ken die vroue van wie ek praat en kon advice gie oo wat pas en wat nie. Die feit dat hulle van twie veskillende generations is is oek 'n bonus, cause binne innie inner circle van create virrie insider, is multiple ways in altyd 'n bonus, veral met soe 'n universal topic soesie vrou se lived experience.

## **<u>Less is more</u>**

Hierdie wiek se seminar, "Less is more", dee Hleze was interessant. Die wassie eeste seminar in 'n long ass time waa ek gevoel het ek gan nou kak aanvang. Nie innie sense dat ekkie worry nie, maa

innie sense dat ek die creative writing wat ek die wiek produce het gesien het as seeds, instead of masterpieces ready for the masses to consume. My hele idee rondom die laaste paa seminars is om freely te speel, want een ding lead altyd tot ’n anner, en mens moenie bang wies om foute te maak nie.

Innie reading group het een spesifieke storie ytgestaan, Lelethu het, *Shhhh,* dee NoViolet Bulawayo gelies, wat my baie laat dink het aan, *Ons is nie almal so nie,* dee Jeanne Goosen. NoViolet cross borders oo ’n reality in Zimbabwe wat op tone trap. Soesie skrywer Lynthia Julius wie vi my gesê het oo een van my projekte, “Jy speel mettie leeu se ballas”. Dis presies wat ek voel NoViolet doen. Die skrywers gebryk die kinnerveteller wat alles mee complicated maak – en voo ek verder gan, moet ek sieke sê dat dit vi my ’n baie mee suksesvolle execution was as Goosen se poging. Alhoewel Goosen die kinnerveteller suksesvol gebryk het, het dittie veel empatie opgewek in my as leser nie. Ek voel oekie Goosen het ver genoeg gegannie. NoViolet se kinnerveteller hettie manier gehad ommie fokus te shift en om my as leser total en al binne haa realiteit in te trek. Die storie het totaal en al die hopeful sense van ’n hele land gecapture dee virrie leser en haaself te probee convince van sekere dinge. Soesie feit dat sy haa pa haat en hoep hy wil doodgan, tot die feit dat sy nie wil hê haa pa moet nie hemel toe gan nie. Die gebryk van tradisie, geloof ennie posisie vannie vrou innie samelewing emphasize die onskuld vannie kinnes wat net probee sinmaak van alles. Ennie feit dattie kinnes oppie ou end die mense is wat eintlik die mooi in alles sien, die hoop bring, die situasie anvaar vi wat dit is in plaas van dominee se leuns te gloe. Tog behou hulle daai onskuld om te kan sê dat, “There is a strange light in his sunken eyes, like he has swallowed the sun”. Dis ’n tipe naivety wat ’n grootmens nie suksesvol kan oordra innie vorm van empatie en simpatie nie. NoViolet krap annie seer wonde net hard genoeg, sonne ommie roefies te lat bloei. Dis ek vi my ’n goeie voorbeeld van ’n storie wat geen anne manier vertel kon wôd nie. It needed the child to get away with telling the truths about the country, about men, about her father, about the circumstances, about religion and life in a shack.

## Maskandi

Mxolisi se seminar rondom Maskandi music en alles wat daamee gepaard gan het my in ’n moerse maze gehad. Die gesukkel mettie grasp vannie konsep van Maskandi dink ek was purely cultural,

cause dit was clear vi die innie vetrek wat van 'n IsiXhosa of Zulu kultuur is. Ek moes alles wat bespreek was, in my kop, innie konteks van Kaaps plaas, waarie notes oo Xhosa gegie was. Ek het gevat wat ek kon ytie seminar yt, soesie feit dat Maskandi, alhoewel dit hoe wyd bekend is nie vedytlik kon wôd en inne spesifieke boksie geplaas kan wôtie. Dis 'n creation process wat die duende kort en bevat. Sonne dit is alles 'n fokkop. Dit het my laat dink an hoe ek skep. Ek probeer my best om te ensure dat my wêk 'n spesifieke energy het. En ek is altyd aware van wat ek doen. Be it stylistically, structurally, rhythmically of poetically wiet ek altyd wat my intention is innie provoking stage.

My meeting met Nathan het my wee refuel. Hy het my remind: Moenie lat mense met jou fokkie.

Toe ek deerie collection, *post-Traumatic,* gelies het, was Allan Kolski Korwitz se *Gemors* een vannie twie of drie stories wat my aandag gevang-vang het. Daai anthology is minner oo great writing en mee oo sentimentality. I did not like it, cause daa is niks special innie writing nie. Maa *Gemors* is een moerse trip en staan vi my stylistically en tonally yt. Ek was mal oorie hallucinations ennie manier van praat oor socio-political issues sonne om nagging te wies. Ek het oek gewiet waantoe Allan gan mettie storie, maa die route wat ôs gevat het om daa yt te kô was unexpected. Die stuk voel fresh. Ek love hoe die timelines innie storie geblur is en hoe past en present intertwine met mekaa. Ek geniet dit wannee die topics van toxic masculinity, female sexuality, drugs en disfunction getackle wôd. Daa is oekie relentless hope ennie expired incentive om actively te change innie storie. Daa is hierie push en pull innie storie. Soedra jy een way voel, vattie writer jou op 'n trippie na 'n anne plek toe. Jy wiet oekie wat is real en wat is amplified nie, wat baie suksesvol bydra tot die brilliantly fucked up storie.

Hierie wiek wil ek intensely reflect oppie seminar, cause ek dink dat dit rêrag baie dinge in plek gesit het vi my. My volle focus was om wat prose poetry as 'n genre vi my creative writing kan doen. Ek moet admit, daa was somewhat 'n fear vi prose poetry oo ek noggie 100% daamee explore hettie. Behalwe in Marike Beyers se seminar. Die hele basis van 'n prose poem seem vi my is dat dit nêrens gannie, don't quote me, or do. No one knows the answer. Ek voel daa is groot krag in prose poetry, want die craft voel vi my mind-fuckingly en mind-blowingly focused en intentional.

**<u>Prose Poetry</u>**

Innie gedig, *Some Fears,* dee Emily Berry, haloepie fears die heeltyd in circles. Van fear tot fear en daa is niks explanation oo hoekom of waarom ek dit liesie. Tog, vestaan ek wat ek lies en voel dis valid om my tyd daarop te spend en te engage mettie text. Iets wat ek grootliks gelove het vannie gedig is hoe far removed die fears innie begin voel. Dan hoe vêder ek lies hoe mee relatable issie fears. Maa dit voel soes dinge wat ekkie hardop wil liesie. Insane. Nettie fear van unfamiliar elbows wôd explain, wat sinmaak, wat oek inval met hoe jy eintlik 'n fear moet het oo hoe jy siekere parts van jouselfie kennie. Innie gedig, *Edge,* dee Layli Long Soldier, som Soldier se skryfproses en dink proses van 'n poet perfectly op en gooi in wat 'n prose writer doen. Soes die lecturer, Kerry Hammerton, beskryf het, die gedig plasie focus op creative writing ennie poet se nature om constantly yt te gan , poetic te wil wies en om alles te beskryf, waa prose nettie storie vetel soesit is sonne te veel layers innie writing process. Maa obviously met layers of understanding en analysing wat kô mettie reader se understanding en interpretation. Die gedig issie inne normal speaking pattern geskryfie. En wannee die normal pattern wat ôs brains follow nie daa issie, moet ôs extra aandag skenk, om sense te maak vannie hele storie. Dit plaas oek in plek hoe readers nie met expectations moet kô wannee hulle 'n stuk liesie, want soms interrupt daai die birthing process wat gebee tydens die reading van 'n stuk. Die gap wattie writer innie gedig plaas force die reader om terug innie kar in te kô en nie af te dwaal vanaf die subject at hand nie. Die poet beskryf altyd wat hulle sien, in plaas van wat gebee. Daa is meeste tye allie fancy trimmings in poetry wattie in prose issie, ennie gedig som die collision van prose en poetry beautifully op. Bly binne. Bly hie. Bly.

*Agreement,* dee Lydia Davis was a mind fuck. Toe ekkit lies toe besef ek halfway through wat angan en dit wassie weirdste ding dat ek wou stop, want ek wiet nou waamee sy biesag is, maa ek kannie stoppie, want ek moet die gedig klaa lies. Dit issie perfect example van tyd en hoe tyd aanstap, en hoe 'n poet 'n storie kan vetel binne daai parameters sonne om ienage plek na toe te gan. Daa isse tipe musicality in *Agreement* wat jou forseer om in sirkles te beweeg, in reading en in rhythm, wat brilliant is.

Hierdie seminar het my gehelp om te identify dattie prose poetry genre extremely goed wêk vi my writing style. Ek doen baie goed mettie feit dat ek nêrens kan gannie. Die isolated thought of event process ennie idee van binne iets bly maak my wêk solid en sterker. Ek raak baie mee deliberate met wat ek sê. Annie einde vannie seminar het Kerry gevra wat is ôs takeaway vannie seminar af, en myne was dat ekkie vekeed kan gannie.

**Wording the unworded**

Die wiek se seminar, “Wording the unworded” dee Marike Beyers was weereens soes ’n safety net. Die seminar het gebou op wat ôs gedoen het met Kerry se “Prose Poetry” seminar. Die seminar se doel was om ôs te kry om te vestaan dat ôs as poets moet skryf oorie goete waavoo ôs noggie die proper words hettie, nie eintlik kan onthou nie of daai wat unsaid bly in ôs lived reality. Innie “Some Arguments Against Diction” essay van William Stafford, sê hy, “Speaking or writing, the words bounce instantaneously into their context, and I am victimized by them, rather than controlling them.” Hiemee stem ek saam. Ek is oortyg daavan dat woorde in ’n gedig doen wat hulle wil – of jy as digter van dit hou of nie. Ek dink om besitlik, forceful of careful te wies mettie woordskeuses nie gat help om te guarantee dat jou leser gat vestaan presies wat jy wil hê hulle moetie. Stafford gesels oek oo hoe poems hulself skryf ennie wag vi sy selection nie. Dis true. Meeste vannie tye is my beste wêk die stukke waarin ekkie minste thought gesit het en net truthfully geskryf het. Wat sieke direk nou anslyt mettie Adelia Prado onnerhoud waa sy sê, “My concern, my obligation, is to reproduce the emotion as faithfully as possible. So I write a poem, and then I read it and say, No, that’s wrong. And then I cut it. I rarely need to add. It’s mostly about cutting and cutting. Like with a newborn, you remove the placenta, you wipe away the cheese, and the child gets clean. It’s born dirty, and you clean it up. Inspiration brings dirt with it. But if I need to fix a poem too much—that’s a signal that it’s a bad one.” Dit lead my na editing en rewriting en ’n vraag wat ek vi Nathan gevra rondom wannee is ’n piece completed. Cause met editing en rewriting, innie sin van oorskryf en en nie herskryf nie, wôd ’n stuk al korter. En dis eintlik wat die doel is, om byrie bien en murg yt te kô. Maa ek dink dat ’n piece completed is wannee dit vi jou sê los my af. Digters wiet waavan ek gesels. ’n Gedig wat gatvol is sal skree, genoeg is genoeg. En daa is jou masterpiece.

**’n Break**

Hierie wiek en paa dae was ’n well-deserved rest en een moerse adjustment wat gepaard gan mettie af switch van my mind ennie stilte vind onne my voete. Ek is soe pas fresh af off the rails van ’n

constant go, go, go en dis ’n wiek van regte reflection. Nie net ’n week to week basis nie, maa vannie afgeloepe 24 wieke wat eke agte my rug het.

Ek kyk terug oorie maande wat veby is en ek sien hoe sharper en mee clear my writing is. Ek is dankbaa virre supervisor soes Nathan en ek is excited virrie collection wat ekke gan skryf met sy guidance en constant, “Veronique, jy kan bietere doen as die.” wat soortvan rus op my skouer. Dis vi my die most appropriate om myself die next wiek grace te gie. Dit was belangrik die wiek vi my om af te switch. Nie om niks te doen nie, maa om te refuel. Alles het die jaa met soe ’n rapid pace progress, dat ekkie alles kon invattie en nou kan ek. Ek is dankbaa en kak surprised dee myself. Oorie volgene paa wieke, voorie contact week, wil ek die wêk van Ronelda S Kamfer, Nathan Trantraal wee lies. Ek wil met ’n nuwe focus na hulle writing kyk en try ytfgure hoe hulle soe ’n successful body of work anmekaa gesit het. Ek wiet ekke gannie die recipe kry nie, want die bastards is te blerrie amazing, maa mens kan altyd try. Ek sien ’n change ankô, nie net in myself nie, maa in my writing en daai is iets wat my excite – en dis nog lekkeder om ’n feeling van excitement in my liggaam terug te kry, cause ek dink daai het maa gewaver wiek tot wiek, compared to wattie atmosphere innie lug is. New collection – hie gat ôs!

**<u>Noudat slapende honde wakker is</u>**

Oppie oomblik gons die idee wat ek het vi my nuwe collection en my thesis in my kop – constantly. Dis asof ek wiet presies wat ek wil skryf, maa dit gan gepaard mettie vrees van dit vekeed anvang. Ek moes myself die wiek remind om my writing te trust, want dis brilliant, al issit brilliantly kak, soms. Ek sit en skryf nou net idees en temas wat ekke wil onnesoek innie vroulike liggaam die vroulikheid van my karakter en soe oek die mans met wie se emotions en minds sy speel innie bundel. ’n Nuwe collection is vi my terrifying, want ek voel half druk om baie bieter te doen as my eeste collection, *soe rond ommie bos.* Maa ek voel oek om haa te honour met ’n younger sister wat equally soe brave soes sy is. Dit was my key innie preparation process om yt my kop yt te kô.

Ek voel veilig met Nathan, en ek wiet hy push my net soedat ek my beste kan skryf. Dit klink soes ’n cliché, maa fok – soe issie liewe oek. Ek love hoe Nathan my back en dis nice om ’n supervisor te het wat ’n antwoord het vi elke vraag wat ek vra, ’n oplossing het vi elke block wat ek mee sukkel en ’n brilliant strategy het virrie way vorentoe. My pieces gat befok wies – want ek is

Veronique en ek het vi Nathan. ’n Deadly combo van brutality en honesty en *yeah mother fucker, I said that*!

Ek het Ronelda S Kamfer se *Noudat Slapende Honde* gelies die wiek. Ek het dié bundel al meer as 20 keer gelies en voogelies en dit wassie eeste kee dattie title op my ore val. Dit het my off guard gevang. Ek sukkel altyd met titels en met my eeste bundel het ek ’n titel gehad voo ek begin shape en shift het aan haa body. Nathan het my annie begin vannie jaa gesê soms skryf mens makliker as jy klaa jou titel het, want alles vloei daavanaf. Maa ek het nou noggie ’n titel nie, en ek stress nie, want as ekkie hettie, gan Nathan vi my gie.  Terug byrie bundel, dit val my nou ees by dat allie topics innie bundel, ‘slapende honde’ is. Innie sin van mens praatie hie oorie en jy stiek dit weg. Hoe het ek dit vooreen gemis? Die is slapende honde en King Kamfer maak hulle wakke tewyl jy lekke inslymer. Kamfer isse true revolutionary en way ahead of her time.

**Writing simply**

Hierie wiek wassie twiede contact week. Ek hettie lus gehad nie. My oupa is Sondagoggend oorlede ennie laaste ding waavoo ekkie Maandagoggend lus gehad het was om te worry oorie goed wattie eintlik op die punt vi my belangrik issie. Dis een moerse raak-nou-groot gedruk en getrek wat my getref het, en weereens, dank God vi Nathan. Nathan het my getreat met grace ennie goed waaroo hy gekerm het, is goed wat hy laas oo gekerm het toe hy dit lies en daai was okay. Dis ou kerm. Ou kerm was orait virrie wiek.

Met allie sadness, was opppie ou einde tog vi my lekke om wee critically te kon engage met ammel se writing, including my eie. Ek het gelike hoe die brutality en holiness in my wêk haa time of day gekry het. In een van my gedigte – sonne titel, of course- het een van ôs lecturers, Mtunzi Mbungwana gesê dat sy nie die Kaaps kon vestaanie, maa dit het gevoel asof haa kop in ’n bak water gedruk wôd en dattie English parts vannie poem soes ’n breathing space is. Dit het my for a brief moment lat dink an hoe ek vi my reader breathing space kan gie, veral omdat ek baie diep en bloody, for lack of a better word, topics anvat. Maa in true supervisor fashion, Nathan reminded me to just create – brutally and honestly so. Ek was opnuut wee reminded vannie feit dat ekkie moet worry oo my reader nie. Wat my terug vat narie “Writing simply” seminar wat Henali Kuit met ôs gedoen het – en my remind het ommie te create mettie reader in mind nie. My ienagste duty is om

te skryf en yting te gie an wat ek creatively voel borrel binne my being. Whatever experience die reader het tewyl hulle my wêk lies het alles met hulle te doen, en niks met my nie.

Ek het die recap vannie reviews enjoy. Dis vi my steeds verbasend hoe elkeen hulle eie stem het en vannie begin af al gewiet het wat hulle mee biesag is, wie hulle is – al wiet ôs nie aldag presies wat ôs wil doenie. Ek het geleer, dat alhoewel my stem clear is ennie reviews lekke vloei en 'n extension van my personality is, moet ek minner babbel en daai containment wat ek van gepraat het wat ek wil develop in my writing, moet incorporate in my reviews.

Kaaps is weirdly enough steeds iets wat ek ervaar wit mense try vestaan en boks en mense van kleur wat bietjie bietjie vestaan try hulle preconceived notions impose oppie taal, en ek voel omtrent ammel missie punt. Kaaps, is culturally interwoven mettie bryn experience. As jy dittie kennie, moenie praatie. Vra vrae om jou questions te answer, maa moenie vekleineer nie. Ek is oek moeg van Kaaps vi mense explain. Kaaps kannie geboks wôd nie. Kaaps issie boujee bitch wie is wie sy dink sy is.

Nathan het iets baie profound gesê, en dis "I do my best work when I am unhappy." Cause wannee jy gelukkag is is jy biesag ommie liewe te enjoy. Na Oupa se dood, is ek unhappy.

**<u>Kaantie wies jy, waantoe gan jy, waavandaan af kamka jy?</u>**

Jeremy Vearey se seminar wasse moerse hou inspiring en het gevoel soesie favourite uncle wat kô visit byrie family en bly vi Sunday lunch. Offie parent wat mens meeste mee brag wat vi career day 'n speech byrie skool kô. Die moment hy gesê het, 'Kaantie wies jy, waantoe gan jy, waavandaan af kamka jy?" toe wiet ek die man gan nouwee kak maak vedag. En rightfully so. Wat ytgestaan het, boe alles, was die sentiment van what we become in order to survive. Ôs is shaped dee forces groter as ôs. Veral inne wiek waa ek voel my kop is onne die water en ek het beginner excitement voel vi wat dit vi my writing gat doen. Jeremy het my lat dink nie net oo my identity nie, maa my identity in relation to others, en oek die plek wat central is tot my identity – wat of Paarl is, alhoewel ek voel daa lê integral parts van my in Montague en Malmesbury. Die belangrikste vi my was wie gat ekke wies in relation tot die mense rondom my en hoe self-development eintlik vi anner is.

**<u>Jaloersbokkie</u>**

Die wiek was swaa. Dit was Donnedag Oupa se begrafnis. Al wat ek kon skryf was Oupa se huldeblyk en ’n poem vi hom:

**Jaloersbokkie**

Oupa
die man wat my equip het mettie necessary tools ommie liewe head-on te face.
die een wat sieke gemaak het ekke kan bors tien bors staan tien ienage iemand wat op my pad kô
die een wat responsible is vi my overactive brain, my smart mouth swag en my confidence om op te staan vi ienage iets wat ekke in gloe
my jaloers bokkie, my jaloers bokkie
ôs het gesing *swaar sal jy kry*
*maa vi my sal jy nie kry*
ek het jou nie gekry nie, John
die Here het, en ek dink daai issie groot bargain wattie Here daarso losgelaan het
kry vi oupa ’n boek
ennie Here het mos water in wyn veanner, soe skink vi oupa ’n dop
sit agteroor en geniet die well-deserved rest.
ek staan hieso vedag assie jaloers bokkie
jaloers oppie rus
jaloers oppie vrede
maa alles met good meaning
want die wat agte bly moet al aan mettie liewe
Oupa het gesê oupa worry oo Ouma
ekke het gesê Oupa moenie worry nie
en Oupa hoefie
rus sag, rus sag
rus

sag

ôs hieso onne vat hom een dag op ’n slag.

**Sterk staan vi plat skoene**

Virre paa dae het ek gedink ek het myself veloo. Maa ek is bly ek kon vinnig wee my voete vind, al wassit net tussen 5:00-7:30 innie oggend. Ek het geskryf en geskryf. Sonne ’n idee waa ek wil ophou, maa mettie gedagte dat dit moet yt. Die energie en gevoel wat ek binne in my kry moet ek in iets invest – dank God ek het apply virre master’s degree.

Die writing process was surprisingly maklik. Ek dink dit het grootliks te doen mettie feit dat ek en Nathan al vanaf February hieroo gesels en vanaf day one was ek clear oorie themes wat ek wou explore. My grootste challenge wassie feit dat ekke moes sieke maak ek gie nuwe insights virrie insider, maa ek hettie gedink aan my reader nie, net an myself. Ek het myself constantly gevra hoe voel jy hieroo? Wat lat dit vi jou an dink? Recognize jy die character of het die al met jou gebee? Ommie newness en freshness in my wêk te behou is steeds een groot challenge, maa ek issie mee geworry daaoorie. Ek het noggie ’n titel nie. Dis die ding waaoor ek worry. Maa orait, dit lê nou in Nathan se inbox.

*Hammie*! *Hammie* was soes ’n drukkie. Dieselle soes ’n paa wieke terug met, *Noudat Slapende Honde*, waarie gedigte nuwe betiekenis of ’n layer van appreciation gekry het. Ek het nou dit met *Hammie* wee ervaar. Dis natuurlik Oupa se dood wat hiesô groter invloed het. Die verlange en seer en gesoek na en kom van – is vi my meer striking as ooit in Kamfer se masterpieces. Die gedig “Sterk staan vir plat skoene” het virrie eeste kee ytgestaan vi my:

> toe ek jonger was
> het ek helde gesoek
> verby my ouma
> ver van my ma
> Amerikaanse feminisme
> het my geleer
> dat vrouens als kan doen
> wat mans kan doen
> hulle het gefight vir equality
>
> my ma’le het gefight vi survival
>
> dit was ’n tyd in my lewe
> toe alles verkeerd was
> maar nou is alles reg
> en ek kan sien waarvoor
> my ma’le gefight het

om van hulle knieë af te kom
omdat die rewolusie nie vir hulle sexual was nie

Wat Kamfer doen, spesifiek in *Hammie,* want dissie bundel wat ek wee revisit het, is sy behou die freshness en highlight ’n timelessness in haa wêk wat ek baie graag in my nuwe bundel wil sien. Dis moeilik om ’n gevoel te contain en te lat staan presies soes jy intend het. Dis my goal. Ek gan probee. Eendag wannee ek groot is gan ekke oek soes Kamfer kan skryf.

**<u>Teaching my mother how to give birth</u>**

Hierdie wiek is ek bang om my wêk dee te lies.  Ek begin my wêk oordink en dis sieke die riede dat ekkie nog much terug liesie. Ek skryf, maak sieke ek sê wat ek wil en explore wat ek wil en los dit. Die skryfproses mettie mans wassie lekkeste. Niks is vi my mee fulfilling as om te mors met ’n man en sy idee van homselfie. Die outlining en filling in van Pamela my protagonist se storie was seer. Dit voel seer en rou, maa dis norag. Pamela is promiscuous. Pamela isse treasure. Soe nou gat ek net die stories lat simmer tot Nathan na dit gekykit.

*Teaching My Mother How To Give Birth* dee Warsan Shire isse striking poetry collection wat vi my baie lat dink het an Savani se skryfwêk (Een van my klasmaats). Die gedig, *Trying to Swim With God*, het ’n graceful en gut-wrenching manier van omgan met suicide ennie tema van dood.

My mother says this city is slowly killing our women:
practicing back strokes at the local swimming pool.
I think of Kadija, how her body had failed her
on the way down from the block of flats.

[…]

My mother says no one can fight it –
the body returning to God

[…]
but the way she fell, face first
in the dirt

mouth full of the earth
air, teeth, blood,
wearing a white cotton baati,
hair untied and smoked with ounsi,
I wonder if Kadija believed

She was going to float.

Die poem en basically allie poems innie collection waa die laaste lyn die shock factor het. Iets wat ek mee explore het in *soe rond ommie bos*, maa minner mee explore in my nuutste wêk. Ek love dit. Om dit te lies, maa ek vestaan oek dat dittie norag is in my wêk om suksesvol te wiesie, want dit gannie oorie einde nie, dit gan oorie journey oppad daarna toe, en my reader deserve een met precious thought put into every line. Ek sê nie Warsan doen nie dittie, dis net iets waavan ek baie meer bewus is in my writing process.

**City of girls**

Ek het my feedback van Nathan af gekry. Nathan is happy. Nathan is nooit happy nie. Soe daai was een moerse relief. Nathan het my wee remind van language en dat ekkie white audiences die power moet gie ommie space van my wêk te occupy nie. Ek is gewoonlik net bewus van dit wannee ek edit en reread en rewrite, maa nou vorentoe hoep ek om daai te incorporate in my wêk vannie get-go af. My challenge nou is om ’n sagter layer innie bundel te sit, en ’n view te gie vannie protagonist se world byte die een wat sy haa in bevind.

Ek het Elizabeth Gilbert se *City of Girls* gelies en ek is mal oorie manier hoe die karakter Vivian antwoorde try gie annie character Angela, en terselfdetyd virrie leser antwoorde te gie. Die novel voel free. Ek wietie of mens ’n boek soe kan beskryfie, maa ek het soepas. Dít is ’n quality wat ek graag embedded wil hê in my wêk. Ek dink oekie feit dat sy ’n bridal gown designer wôd in haa latere jare, maa nooit trou nie is ’n badass, fuck you, to society, maa not a fuck you to the women who do want that. Daa is equally space om te give en te receive in die process. Die life, sex life en adventures van Vivian is presies wat ek norrag gehad het om my te boost in my deeper delving of Pamela – nie net in haa vroulikheid nie, maa hoe sy haa vroulikheid sien en wat dit is in relation tot die mense rondom haa. Die coming-of-age storie isse escape – dalk die presiese escape wat Pamela norag het.

Ek skryf, ek speel, ek luister, ek lies. Ek vedwaal, ek draai af en ek vind myself. Die journey is messy, maa die clean-up is worth it.

**Misfit**

Hierdie twie wieke was gevul met ’n geworstel binne in my. Virre paa dae kon ekkie iets nuut skryf – of te wel iets mooi skryf virrie manuscript nie. Ek moes krap binne in my, maa oppie ou end was alles vol haat en lelik en kwaad– wat Pamela betref. Mettie mans kon ek fok, want hulle is easy en hulle please Pamela se wildest fantasies en complete allie stages vanie games wat sy voo hulle sit. Ek het tottie beseffing gekô dat ek myself as skrywer yt Pamela se skoene yt moet haal en van my perspektief moet skryf of iets mooi oppie bladsy te sit. Dit was vi lank ’n free creative space en ek het lekke geskep, want alhoewel ek vrou is, was sy far removed van my lived reality tot ’n groot extent en na ’n tyd het ek en sy begin blend.

Ek is tans innie middel van *Misfit* dee Chase Rhys en dis spectacular en maak virre good en comforting read. Ek is surprised oo hoe niks nuut is vi my nie, maa sweet reminders vannie “Kaantie wie is jy, waantoe gat jy ennie waavandaan kamka jy?” Disse universal antwoord wat ôs mense het en ek is dankbaa virrie anties en uncles en poeste wat ek recognize. Ek is oek bly dat dit is wat ek sou vewag van Chase om te skryf. Hulle stem was nog altyd een wat my opgewonne gemaak het, en ek het bietjie bietjie iets annes vewag, in terms of exploration, maa toe dink ek aan Ronelda S Kamfer se wêk en hoe ek sieke ’n kind sal kry as Kamfer iets annes doen. Kamfer moet anhou kwaad wies en skel en oepmaak en plekmaak. Ek love daai. Chase moet aanhou mooi maak en love letters skryf vi hulle gemeenskap – allie misfits.

**Thicker Than Sorrow**

Die afgeloepe twie wieke was rustig, maa tog overwhelming.10 September toe issie new moon in Pisces, en daai visse wat soe stroomop swem het behoorlik met my gefok.  Ek het bietjie gesukkel met my mental health. Ek het nare, snaakse en vicious drome gehad. Die het my tyd en headspace vi skryf affect. Ek onthou toe die woorde van ’n anne bra van my, Ricardo Arendse, ’n anne befokte

Kaaps writer, waa hy sê, “Vero, get out of your own way.” Toe skryf ek maa ienage random thought nee en tik dit op my phone en sit in my kamer met my laptop. Of ienagge iets valuable daa ytgekommit, kan ekkie vi jou sê nie. Al wat ek kan sê is dat ek, Vero, as mens en vrou, nou yt my eie pad as skrywer staan.

Ek hettie bundel, *Thicker Than Sorrow,* deerie poet Khadija Heeger gelies en wow! Heeger het ’n manier ommie gewone in extraordinary te veanner mettie manier hoe sy jou brein streel met haa verse. Elke lyn is precise en slaan presies waa dit moet. Die digter se gedigte beklemtoon dat mettie neerpen vannie gedigte, kry ôs as lesers ’n glimpse into her experience of, “falling in love with my roots and me, life.  And it’s just the beginning. I am a multitude of voyages.” Die holiness en healing cry wat innie gedigte voorkô issie true guide om vi allie insiders ’n way in the gie, en genoeg ommie prentjie te skep en passion innie oovetel te emphasize virrie outsider.

Ek is mal oo hoe Heeger vannie een language bed narie anne een beweeg. Dis poetry en dis hoe jy dit moet boks, as jou desire vi boks soe dringend is – en dit het oek ’n element van performance poetry, aangesien Khadija een vannie beste spoken word poets is wat ek al ooit across gekommit. Die wêk is alive en bounce vannie page af.  Ek vat vannie bundel af weg dat ekkie myself moet restrict met expression nie en dat ek soes ’n floozy moet move, cause whatever the work asks, moet ek ruimte voo gie om yt te kan kô.

**Mermaid fillet**

Ek het my eeste thesis draft submit en dit voel soes ’n weight van my skouers af is. Dissie eeste kee waa ek satisfied is mettie quality en quantity creative work wat ek produce het ennie nitpick op myself nie. Ek het baie mee grace met myself as skrywer, wat grootliks te danke is annie course wat my senses en skills as creative writer en poet gesharpen het.

Mia Aderne se *Mermaid Fillet* ek het ek gelove. Sy lure jou in narie gronde vannie Cape Flats. Die imagery is realistic en imaginative ennie storytelling is gripping vannie eeste bladsy af. Ek like oek hoe sy in fictional tale geskryf het en daring is in haa manier van skryf ennie shaping of the world. Dis altyd vi my nice wannee skrywers skryf op ’n manier waarie reader met een of anner character sal kan identify. Ek was wel taken back deerie taalgebryk innie boek en voel issie eintik geskryf vi mense wattie baie boeke lies of universiteit toe gegannit nie. Maa then again, daa kommie question

in van vi wie skryf ôs boeke en wie en wat issie audience wat ôs try curate. Dis interessant en iets waaoo ek as skrywer constantly ’n oegie hou in my wêk.

My writing in community report het ek oek finally klaa geskryf en dit was weereens ’n gift om te reflect oppie beauty van releasing en receiving in daai creative en intimate moments. Dit was vi my lekke om te speel met vorm en om te sien hoe die poetic language nie net emotion innie vetrek heighten nie, maa oek conversation. Ek sien yt narie healing process wat gat kô met my nuwe wêk. Vi myself ennie Pamela’s vannie wêreld.

Om starrag maa sieke narie einde vannie academic year te kô isse relief. Ek dink die compiling vannie portfolio het ruimte gelaat vi dieper reflection en introspection oo ’n challenging, confusing en constructive creative jaa wat ek agterie rug het. Ek was oek dankbaa virrie readers report. Dis ‘n groot weight van my skouers af om uiteindelik die gesprek te begin oepmaak vi mense van byte en om te groei binne in daai space.

Ek is definitief bieter af narie course.

**Lady Die**

Camagu!

***Poetics Essay***

***Bruin virrie pyn***

> *I write about race because I can't only write about gender, sexuality, etc., without writing about race (I know some people think that they've achieved this but trust, they really haven't.)*
>
> —*Bettina Judd*

Die manier waarop Taiye Selasi in *Stop Pigeonholing African writers*, Tamiko Beyer in *A Slanty Kind of Racial(ized) Poetics* en Bettina Judd in *Writing About Race* omgaan mettie gesprek rondom 'n body of colour in 'n industry wat daarop thrive om boksies te tick en mense in categories te plaas, hettie volgenne vrae gespark: Hoe wôd vroue represent innie literary world? Wie besluit watte boksies bestaan? Hoe kry jy jou wêk gepublish sonne om jouself te vekoep? En laaste, hoe vorm my identiteit deel van my wêk en hoe ek skep?

As vrou en skrywer issit belangrik om bewus te wies van wie ek is, wat ek is, hoe ek lyk, wat ek skryf en oek wattie nagevolge of impak vannie anspreking van siekere kwessies gan hê, net vi myself om bewus te wies van wat in my guns tel en wat nie.

> I'd like to think that my being Black, woman, queer, round bodied, and all of the "et ceteras" that highlight my privileges as well as my under privileged race: US based /"American," English speaking, first world, able bodies, educated, cis gendered, middle class etc. have the potential *t*o free my view *as long as I am aware of these things as opposed to trying to forget them.*
>
> —Bettina Judd

Judd beklemtoon hiesô 'n bewusheid rondom die wêreld wat ek in bestaan ennie realiteit van dit wat ek skep binne in my wêk. Dis soes om byvoorbeeld te skryf oo hare ennie pyn en gesukkel wat daarmee gekoppel gaan. Die gesprek rondom hare is oek een van privilege. Ek het dus die verantwoordelikheid om te wiet dat ek vrylik kan gesels oo hare, maa dat ek oek bewus moet wies dat my tipe hare, tipe krul more accepted is as dit van iemand met 4C hare. Dus is daa 'n direkte koppeling mettie privileges en disadvantages van hare wat ek kan aanspreek in my writing en oek van bewus moet wies. Ek moet terselfdetyd oek bewus wies vannie hoeveelheid dinge en

veskillende traumas waavoo hare ‘n metafoor kan wies en carefully omgaan met watter konteks ek dit inplaas. I write about race in order to make sense of my place in this thing called race.

Polities identify ek as Swart, en ek is culturally Coloured. My realiteit issie daai vannie average Swart person in Suid-Afrika nie. Dit is confusing en terrible ennie divide cause friction, internally en externally, wat net behoorlik explored wôd wannee ek woorde op papier sit oorie issues wat ek elke dag face. Dus, probee ek slegs skryf oorie issues wat ekkie vestaan of noggie van sin gemaak hettie. Alle topics wat ek oo skryf, vrouwies, kindwies, meisiewies en menswies is dinge wat ek van probee sinmaak. En omdat alles oo race gaan, influence dit alles wat ek skryf, omdat dit die ienagste perspektief is waavanaf ek kan skryf. Ek soek my plek in hierdie ras-ding. Hierdie ken-jou-plek-ding. As ek oo iets skryf soek ek antwoorde en dit betieken ek wil graag vestaan.

> In this societal system of white privilege, where white people’s experiences are universalized and the lives of people of color are “othered,” these poems are vital for our survival.
>
> —Tamiko Beyer

Ek sal my nie lat wil vetel ek skryf die heeltyd oo dieselle goed, bly skel of bly kwaad nie. Alles is nou nog dieselle van toeka se tyd, die Here wiet allien, iemand moet skel en daa is baie om oor kwaad te wies. Stories wat my realiteit document, en oek die vannie mense rondom my, is crucial.Dis my way om te fight tien erasure en misrepresentation. Stories van forced removals in District Six, gentrification, die uprisings in 1956 en 1976 kan slegs gevalidate wôd as ôs die gesprek rodnom dit liewendag hou en mense accountable hou. Dis oek great reminders van hoe mense van kleur anbeweeg en dit beklemtoon ôs resilience.

**Proximity to whiteness**

Op Universiteit Stellenbos, het my Coloured vrinne altyd meer gelean tottie wit kant: code switching, creating trendy ‘woke’ theatre, en selfs dans op Kurt Darren se musiek. My grootste worry was dat ek gaan inauthentic moet wies om suksesvol te wies. Dis oek hoe die literary world

at first glance seem. Hulle issie vedag suksesvol nie, ennie reason is dat inpas altyd vi hulle betieken het om hulle proximity met whiteness korter te maak. My eeste jaa innie performance industry was maklik. Dieselle soes my eerste jaar innie literêre bedryf, omdat die company waarmee ek myself surround het presies dit was: maklik, gemaklik, insanely talented, capable, eerlik en authentic. Ek dink an mense soes musikant en rymkletser Frazer Barry, ek dink an actress Lee-Ann van Rooi, ek dink an skrywers en digters Ashwin Arendse, Olivia Coetzee, Ronelda S Kamfer, Lynthia Julius en Nathan Trantraal, om ’n paar te noem. Die boksies kan maa bestaan en hulle kan maa mense place net waa hulle wil … as ’n skrywer goed is, eerlik is, skryf asof hulle niks het om te veloorie, hulself ken ennie dynamic van writing en creating vestaan, kan die skrywer barriers briek en odds defy.  Mense soes die het my laat staan in my power en het an my bewys dat ekkie hoef te change of codes hoef te switch om suksesvol te wiesie. Ek moet net myself en eerlik wies ennie res sal kô.

**<u>Wie het die mag?</u>**

Die idee dat jy gaan sukkel as jy nog nooit Shakespeare of Beckett of Totius of Brink of Morrison of Ngozi, van Wyk Louw of Krog of Small gelies hettie— en as jy nie hulle techniques en structure successfully kan ‘copy’ nie, bekommer my. Die writing industry wat classics classify trek basically hulle nies op vi enigiets nuut, want as jy nie die rulebook volgie, vang jy nonsense aan. Dit is nie die wêreld waarin ek wil skep nie. Ek wil skryf in ’n wêreld waa ek wiet dis safe om mistakes te maak, te speel en te eksperimenteer. Dan is daa die topic van publishing wat Selasi aanspreek in haa artikel. Ek stem saam met Nigerian-British novelist, Ben Okri, wie Selasi quote in haa article, wat sê letterkunde hettie ’n land nie en ek echo saam met Selasi dat publishers wel het. Ytgewers hettie ytlike mag en dus issit belangrik om met een innie bed te lê wat jy as skrywer vetrou en wie se visie dieselle is as joune. Wat is my toekoms as jong skrywer in ’n wêreld waa my eie mense nie geld het om my te publish in my native country nie, en tewyl die outsider dink my stories is, “so ongelooflik mooi,” en ek is “ ‘n vars stem?” Dit bekommer my, want geld is mag, en ek wil nooit my wêk publiseer ennie ’n sê het in wat daarna met haa gebeerie.  Dis worrisome hoe my wêk as digter baie mee traksie en belangstelling kan kry in ’n ander land, en nie my eie nie. Vi wie skryf ek dan? Ja, siekerlik wannee my wêk gepublish is behoort dit nie meer 100% aan my nie, maa tog skryf ek vi my eie mense ennie wêk kô weinig by hulle yt. Die mense wie vestaan en nie net die stories en

gedigte sien as ’n soppy story oo ’n soppy brown life nie. Hoe navigate ek as skrywer dan hierie wavelengths en waa begin ek compromise en wannee sit ek my voet nee? Dis kwessies waarmee ek worstel en dis sekerlik dinge wat ’n skrywer met baie mee ervaring bieter sal vestaan. Soe hopelik is dinge ’n klein bietjie dydeliker na die publisering van my twiede bundel.

**Ticking the box**

Selasi se point of view oorie, “pigeonholing van African writers,” correspond met hoe Kaaps skrywers in ’n boksie geplaas wôd. Dis asof almal die heeltyd vewag ôs gaan almal skryf oo hare en slavery en dronk mense. Dis nog ’n manier vannie stereotype probee perpetuate. Dis ’n manier van boksies create. In, *On Poetry,* bespreek Velimir Khlebnikov hoe ’n digter se digterlike insights ’n space en possibility create om te skryf oo goed ver byte sy of haa immediate reality. Dis die ability en responsibility van ’n poet; om dinge op te som, gevoelens te express en om op historical events te reflect met ’n emotional en insightful presence wat net dee die heightened emotion van poetry beklemtoon kan wôd.

> If we consider artistic creativity as the greatest possible deviation of the string of thought from the axis of the creator’s life, as a flight from the self, then we have good reason for believing that even poems about an assembly line will be written not by someone who works on an assembly line, but by someone from beyond the factory walls.
>
> —Velimir Khlebnikov

Alles wat ek altyd skryf is in response to the world I live in en dit wat ver veby dit strek. Dit is unavoidable. As ek moet skryf oorie neglect wat ek gevoel het as kind toe my pa elke kee gesê het hy gan kô en dan nie kommie, kan ek daai experience articulte, maa ek kan oek dan skryf vannie perspective vannie pa af wie sy eie redes het oo hoekô hy nie daa issie. Poetry hettie ability om dieper, eerliker en veder te gan as wattie lived experience allow. Die kreatiewe en poetic mind doen soeveel meer, en soes Khlebnikov sê, surely issie digter tot meer in staat as net die voo hom. Die digter is bewus van wat oorie muur aangaan, en skryf daaoor soes iemand wat present was.

**The location of stories**

Mense vra altyd hoekom ek nie bang is om mense uit te call op hulle kak nie, ennie antwoord is altyd ongelooflik eenvoudig: ek is ’n bruin vrou in Suid-Afrika. Ek is marginalized om elke hoek en draai … ek het niks om te verloorie. Dis hoekom storievetel vi my een vannie beste en mees betroubaarste vorms van geskiedenis is. Met storie ek bedoel nie net die narratief wat gebeur nie, maa hoe die location daavan change. Soes vroeër gepraat oorie forced removals in District Six, die uprisings en soeveel meer. Dis hoekom ek saamstem met Craig Santos Perez in, *Unincorporated Poetic Narratives:*

> Stories are not told whole. Stories live and breathe in the moment and change with each storytelling. Stories are shaped, in the moment, by the audience, the setting, the season, the body and voice and memory of the storyteller.
>
> —Craig Santos Perez

Storievetel het ’n manier van sy eie, en dit sien ek gereeld in performance. Dit is eintlik laughable hoe baie detail ’n skrywer in hulle wêk sit, only virre reader om carried away te raak innie storie en glad nie die kommapunt, ellipse of dash te notice nie. Dit sê ek nou, maa dis beslis nie dinge waaraan ek dink as dramaturg nie. Stories leef nie innie biblioteke ennie literary museums nie. Storievetel en oordra is ’n kulturele ding. Die manier vannie oovertel, nóg meer! Dit wil vi my sê stories leef innie mond vannie leser. Geen twie lesers gaan ooit dieselfde interpretation van iets kry nie, dalk effentjies dieselle, maa weinig to a T. Dit sien ek fees na fees in vehoogproduksies. Alhoewel die teks elke show dieselle is, is elke show annes. Dis soes Perez sê, stories haal asem innie oomblik van vetel ennie manier van dit oodra in ’n show hang vannie gehoor se energie af. As jy nou nog confused is oo wat ek bedoel of wat Perez sê, dink aan al jou exes en hoe jy differently geflirt het met almal, maa tog issie core van wie jy is dieselle. Dis wat ek bedoel. Stories leef innie mond en innie lyf.

## Change of perspective

Om terug te kô by bruin en vrou wies, dit beïnvloed die wêk waanatoe ek attracted 100% vannie tyd. Ek soek stories oorie underdog, die revolution, die undocumented, die weggestiek, die bold en blacklisted. Dit influence oek wat ek skryf en hoe ek reageer op wat ek inniem.

> I value poems that speak against the colonial forces that create indigenous absence and silence. I value poems that assert indigenous survival and presence in all our complexity. I

> value poetic forms that creatively weave moments, languages, voices, and geographies to create multiple layers of meaning.
>
> —Craig Santos Perez

Dit is wat my stories is, dis die mense se stories rondom om my. My challenge is om dit wat ek ken en sien en ervaar en haat innie wêreld te vat en nuwe te betekenis gie. In my teks *My kroon se krank, r*epeat ekkie lyrics wat Emo Adams sing*, "*Jou hare kan nie pom pom nie. Jou hare kan nie GHD. Jou hare kan nie Wella nie.*"* In Emo se liedjie wassie woorde innie konteks gebryk van jou hare is te kort, kroes en lelik, soe dalk moet jy dit straight maak dan is jy mooier. Dit het gedien as 'n grap en manier van terg as kind. In my teks gebryk ekkie woorde as resistance. Ek sê my kroes hare willie GHD, soe wat vestaan jy dan nie? Op hierdie manier kry die liedjie veskillende betiekenisse, broaden die lysteraar of audience member se perspective en kennis vannie konteks en daa is nou meer as een konnotasie met die liedjie.

**<u>Toegang</u>**

As digter probee ek altyd beheer hou oo wie toegang het tot my wêk, never mind wie die collection koep offie plays kô kyk.

> Sometimes I activate indeterminacy and sometimes I share meaning freely. Society, family, culture, self, history, and memory are complex human experiences; thus, writing these experiences is a complex process that articulates variable lines of access and inaccessibility. Access is power.
>
> —Craig Santos Perez

Dis belangrik om te wiet vi wie jy die upperhand gie in jou digkuns. Met my eeste digbundel, *soe rond ommie bos*, het ek die upperhand virrie born frees gegie, die students ennie ma's wat meisiekinnes grootmaak. Die wat kwaad is oorie political toestand ennie lived reality van vrou en kinnes in Suid-Afrika. Poetry is soe 'n powerful vehicle sonne limitations. Ek, as digter, skryf secretly love letters virrie ou tanies, die factory workers, die boujee bad bitches, die single mothers, en absent fathers, sonne dattie newly poetically stimulated 25-year-old wiet waarvan ek praat. Soes Perez sê, die liewe is kompleks, en soms moet jy 'n gatekeeper wies met jou eie storie en narratief om sieke te maak die wat al vi decades ytgehou is, kan sien hulle wôd gehoor en gesien.

**Slowly but surely**

Wat gebee wannee 'n storie starrag, stil en in 'n gemaklike spasie beweeg mettie ruimte en nodige tyd om yntlik 'n storie te kan vetel? Dit kan nettie storie benefit assie pace seductive is. *Slowness* gesels van 'n slow en mee eenvoudige manier van create.

> I start from an open place and trust that the elements that need to be in the story will find their way. I don't think, especially about accessibility or audience; some of my stories are accessible to some people, and some of them aren't. I can't control that.
>
> —Amina Cain

Die slowness is iets wat ek ervaar annie begin van 'n skeppingsproses, en annie einde vedwyn dit soe bietjie. Dit het te doen met 'n deadline wat nader kô, 'n idee wat langer gaan vat om te "perfect" en te execute of net die liewe wat innie way staan. Dit alles is unfair teenoorie projek self. Die dele wattie storie nodig het sal self hulle manier innie narratief vind en ommie slowness vas te vang en te grasp, issit noodsaaklik vi my as skrywer om nie te dink annie outcome nie, maa om innie oomblik te bly skep. Dis moeilik, want mens skep tog met 'n einde in sig, maa virrie teks om sy beste te wies, issit nodig om te surrender en slowly but surely te skep.

**Hou op politically correct wil wies**

Om eerlik te wies in jou writing betieken jy moet 'n paa skapies slag, koppe lat rol en vyste optel virre paa brasse. Die ding is … almal soek approval en probee nie te veel feathers rub nie. Dis hoekom die interview dee Robert Berold met Lesego Rampolokeng en Ike Mboneni Muila soes 'n koel breeze op 'n warme dag was. Eestens was Robert se vraag oo hulle eerste encounter met poetry soes 'n klap innie gesig. Virrie elite ennie outsider issit 'n genre. Virrie insider issit 'n way of life.

> For instance, my grandmother, when she was in some kind of excited state, moved to anger or joy or whatever, would rattle out some lines that would put quite a number of people of today going as poets to shame. That's why I've always gone out of my way to say, for me, my grandmother was the original rapper.
>
> —Lesego Rampolokeng

Daa is iets omtrent arm wies, omtrent agte innie broodlyn staan, iets omtrent onneskat wôd, iets omtrent geluk en gewoel wat baljaar, waa hartseer en kwaad moet oorheers. Dis waarie stories is,

dis waarie natural poetic rhythm lê en waarie inventors agterkô hulle het niks invent nie. Die spark, die passion, die power was nog altyd innie hoekies en innie mouths vannie mense wie hulle wou toe druk.

> This country has killed off, across the political spectrum, a whole lot of talent to use that phrase. People killed off their art because they were busy fighting the cause, which was the thing to do. They were fighting a cause and it killed off whatever was within them, as the essence of their art, it did that.
>
> —Lesego Rampolokeng

Daa is druk om te skryf oo wat gebee innie wêreld, rondom jou en om ’n voice te wies virrie voiceless. Most times gebee daai nie en jy wôd creatively constipated as kunstenaar. As jou way van create nie ytgebyt wôd nie, wôd jy eenkant toe gestoot oor jy jou bek veby praat en nie politically correct is innie new scheme of things nie. Ek het dit baie ervaar, waa my stem stilgemaak was of ekkie in siekere spaces toegelaat wôd nie, oo ek ’n opinie het en ’n stance vat. Dis alles oo ekkie conform an ’n wêreld waa mediocre as extraordinary vekoep wôd nie. As aktivis het my spoken word gevrek oorie konstante hype ennie idee dat ek protest namens die land. Ek het opgehou om dit yt te sit net oorie feit dat mense en NGO’s die liefde wat ek het virrie artform vrek gemaak het met hulle hunger vi eeste wies om nuus te briek, en dit oo ‘n moord of vekragting. Die exchange van ‘n t-shirt virre spoken word poem het worthless begin raak. Ek wil skryf oo ek wil, en oo ek myself kan express, nie om ‘n NGO se agenda te push nie.

> Tragedy peers over everyone’s shoulder. There are those who write while working in the service of the state, or some religion or ideology. There are writers who can only write while they are free to develop their own personality, to be true to themselves.
>
> —Dambudzo Marechera

In Marechera se, *Beneath reality there is always Fantasy,* is hierdie presiese gevolge sigbaa innie storie van ’n skrywer en exile soes Marechera. Die ienagste burden wat ’n skrywer moet carry is dit vannie storie self, nie die van ’n nasie nie of hele geskiedenis nie. Met my eeste bundel was ek en fellow writer, Ashwin Arendse skrywer van *Swatland,* die born frees genoem. Soe asof Kaaps van vooraf gebore is en nou free is. Wat isse born free? Want ek kannie vi jou sê nie. Om te fight en advocate vi iets issie quickest way om jou creativity te laat dood. Jy oordink en probee te hard om reg te klink, reg te wies, reg te lyk, reg te praat ennie regte ding te sê, in plaas van toelaat dat die body of work homself oorvat en vi homself praat. Dis suffocating. Politics is suffocating. En dit sit my often in ’n creative space waa ek constipated voel, veral wannee ammel wag vi jou om iets te sê

oo bv. gender based violence of ’n political scandal innie land. Al die goed cloud my creative mind, en dan skryf ek sommer niks.

**<u>Change the narrative</u>**

Is daa ooit ’n manier om hierdie curse te briek in ’n tyd waa almal se oë op alles is en ienigiets enige tyd viral kan gaan? Daa issie regtig ’n antwoord nie. Om myself te herhaal, alles is political, soe die beste manier om jou sanity te behou innie game is om eerlik te create vi jouself, ennie suited readership sal groei. In, *The Killers,* dee Kathy Acker, is haa gesprek rondom narratief en storie definitief ’n opinie waamee ek identify. Die narratief allien issie genoeg om ’n storie te dryf nie, dieselle soes everyday speech in print nie altyd wêk nie, cause dit need ’n poetic touch. Acker se stance op political power staan vi my yt.

> In other words, behind every literary or cultural issue lies the political, the realm of political power. And whenever we talk about narration, narrative structure, we’re talking political power.
>
> —Kathy Acker

Narrative is key en dis wat ek ervaar het tydens die editing process van ’n collection. Dis soe ’n smooth slick trick wat jou lat gloe jou wêk is amazing net soes dit is, maa sal 10 kee bieter wies, as jy net die volgenne 50 dinge change. Dit change automaties die narrative na wat die editor dink en nie wat ek as skrywer intend hettie. Dis die mense mettie mag. Die een wie die narrative control, het die mag. Al is jou storie hoe goed, as dittie inpas met die narrative nie wattie publishing house, die NGO offie money hand wil push nie, issit irrelevant en het jy nie “mag” wannee dit kô by jou eie storie nie.

**<u>Familiarity</u>**

> God could look like anything, and yet we make her into a white man.
> God, like the alien, reveals our inability to stray too far from identifiable forms.
>
> —Jackie Wang

Om te skep byte jou comfort zone skrik baie skrywers af. Tog, issit een vannie daring en most free things wat jy kan doen as 'n kunstenaar. Hoekô die route volg wat voo my opgeset is? Hoekô conform to the limitations, expectations en conventions van 'n goeie roman, goeie digbundel en goeie kortstorie se form of structure, wannee daa soveel anne unexplored avenues is? Want dis scary. Dis wat my attract na Jackie Wang se, *Aliens As a Form-of-life; Imagining The Avant-garde, artikel*. Soes ek gesê het, wat mense nie verstaan nie, deem hulle as trash ennie voor unconventional 'n kans kan kry, want unconventional was once upon a time cool. Vi my issit belangrik om net te skryf, sonne om te dink an wie my gan accept as bruin, vroulike digter en die wie my gan applaud. Die wêk wat ek skep is groter as my desire om in te pas of iets te wen. En al skep ek iets heeltemal avant-garde, issit okay. As mense nie nou vestaan nie, sal hulle eendag, al is ek by dai tyd al dood. Dus try ek nooit temagewys skryf oo wat commercial issie, ek skryf vannie hart af en vetrou dat my wêk sterk genoeg is ommie odds te defy.

**<u>Los jou baggage byrie hys</u>**

> Can you imagine submitting a story to a writing workshop in which the first paragraph introduces two of the characters, but one of the brothers is never mentioned again?
> —Kate Bernheimer

Die wêreld, en veral digters, het 'n obsession met sinmaak en meaning gie an dinge. Ek dink dis impossible virre digter om verby rose te loep sonne om te beskryf hoe verlep of mooi dit is. Ek skryf baie keer altyd langer gedigte voor dit 4 of 6 lyntjies wôd, want ek was gecurse mettie mansplaining en oversharing spirit. Dit voel vekeed om 'n karakter te introduce en nooit wee te use nie. Tog, in fairy tales issit wat hierdie genre maak wêk. Die hele artikel, *Fairy tale is form, form is fairy tale,* is soe 'n eenvoudige, rustige lies en hettie ability, soes 'n fairy tale, om my heeltemal in te sluk en alles te gloe wat innie oomblik vi my gesê wôd. Simplicity bly maa the best route to go. Dis iets wat ek bewus van geraak het die jaa. Die feit dat nie alles 'n explanation norrag hettie, dat alles eintlik baie meer eenvoudiger is as wat mens dink en dat ekkie met my baggasie na 'n stuk toe moet kommie, maa net moet allow dattie stuk homself teenoor my unleash in sy natural form.

**<u>Moenie mors nie</u>**

> Poems are medical waste. A lot of life-saving experiments and procedures can be performed with medical waste.
>
> —Lara Glenum

Daa lê baie potensial in ooskryf en jou bek veby praat. Die expression van less is more is overrated and only works when you wanna sell sex or literally want to pay less. Dis ’n fout wat mense wat te critical en self-analytical is maak met hulle eie wêk – myself included. Die digter moet vry wies van alle expectations, hidden political agendas en oekie vrees van dinge vekeed doen. Ek skryf liewer te veel oo ’n spesifieke topic, as om dit yt te los en dan agterna te besef ek het nog iets om te sê rondom dit.

> To risk failure one needs a sense of unfettered play, the play that would allow a failure to become useful for the next attempt, that would, in a sense, recycle the disaster.
>
> —Ann Lauterbach

**<u>Kennis</u>**

> We need to be careful not to mistake new technology for new knowledge.
> To experiment means you put what you know at risk to know what you do not know yet.
>
> —Ann Lauterbach

Kennis en informasie was nog nooit dieselfde ding nie, en dis maklik om hierie twie te confuse. Ek sien dit baie mettie gatekeepers wat praat oo hoe lank hulle al iets doen. Kyk hoe lank is Queen Elizabeth queen en sy vang net kak aan. En daa is sy dood. Dis soes prakties en teorie. Kennis kô deurie ding doen, oppie battlefield wies en dinge reg innie gesig staar. Informasie is lies oor hoe, wat gebee het en dan staan bek vekoep oo ’n ander article wat jy laas wiek gelies het en nou dink jy wiet alles. Om poetry te skryf, moet jy dinge in motion sit. Jy moet focus op jou craft en skryf ennie net digbundels lees en leer en leer en leer en niks bydra nie. Dis hoe ek ‘n bieter digter, resensent en

skrywer gewôd. Alles het in plek geval toe ek begin vestaan dattie een hand die anne een was. Dat ek moet lees en die teorie onnerie knie moet kry voo ekkie prakties doen. En dit kan mens sien innie groei van ‘n skrywer se wêk oo ‘n tydperk.

> [O]ur cultural institutions appear to be weaker and weaker, less and less willing to embrace works that propose or pose questions rather than provide answers.
>
> —Ann Lauterbach

As jong digter, voelit hoe meer tyd anbeweeg ennie wêreld groei, hoe meer obsessed raak, veral die literary world met classics en hoe dit gedoen was. Asof niks wat ienage iemand gaan create soe great of bieter sal wiesie. Daa is hierdie obsession met leer hoe dit gedoen was. ’n Sense of history repeating itself. Vi wie?

**Bibliografie:**

Acker, Kathy. “The Killers” in *Biting the Error: Writers Explore Narrative*. Gail Scott, et al. eds. Coach House Books, 2004.

Bernheimer, Kate. “Fairy Tale is Form, Form is Fairy Tale”. Accessed online: http://www.katebernheimer.  com/images/Fairy%20Tale%20is%20Form.pdf

Beyer, Tamiko. “A slanty kind of racial(ized) poetics” in *The Racial Imaginary: Writers on Race in the Life of the Mind* Eds. Claudia Rankine, et al. eds. Fence Books, 2015.

Cain, Amina. “Slowness” in *The Force of What's Possible: Writers on Accessibility & the Avant-Garde*. Lily Hoang and Joshua Marie Wilkinson, eds. Nightboat Books, 2015.

Glenum, Lara. “Language is the site of our collective infection” in *Poets on Teaching: A Sourcebook*. Joshua Marie Wilkinson, ed. University of Iowa Press, 2010.

Judd, Bettina. “Writing about Race” in *The Racial Imaginary: Writers on Race in the Life of the Mind* Eds. Claudia Rankine, et al. eds. Fence Books, 2015.

Khlebnikov, Velimir. “On Poetry” in *The King of Time: Poems, Fictions, Visions of the Future*. Harvard /University Press, 1985.

Lauterbach, Ann. “Use This Word in a Sentence: ‘Experimental’” in Ann Lauterbach, *The Night Sky: Writings on the Poetics of Experience*. Viking, 2005.

Marechera, Dambudzo. “Beneath reality there is always fantasy” in Flora Veit-Wild, and Ernst Schade, eds. *Dumbudzo Marechera (1952-1987): Pictures, Poems, Prose, Tributes*. Baobab Books, 1988.

Perez, Craig Santos. “Excerpt from ‘Unincorporated poetic territories’” in *The Force of What’s Possible: Writers on Accessibility & the Avant-Garde*. Lily Hoang and Joshua Marie Wilkinson, eds. Nightboat Books, 2015.

Rampolokeng, Lesego and Ike Muila. “Lesego Rampolokeng and Ike Muila: Interviewed by Robert Berold” in *South African Poets on Poetry: Interviews from New Coin, 1992-2001*. Robert Berold, ed. Gecko Poetry, 2003.

Selasi, Taiye. “Stop pigeonholing African writers” in *Critical Creative Writing*. Janelle Adsit, ed. Bloomsbury, 2019.

Wang, Jackie. “Aliens” in *The Force of What’s Possible: Writers on Accessibility & the Avant-Garde*. Lily Hoang and Joshua Marie Wilkinson, eds. Nightboat Books, 2015.

## **Book reviews:**

## **Resensie 1**

## **My poems is nie confessions nie**

**Chinatown** - Ronelda S. Kamfer
Kwela boeke, 2019.

Toe ekkie eeste kee die bundel lies annie begin van 2020, toe sit ek met ’n borrel rooiwyn. Groot fout. King Kamfer issie friendly neighbour, die relatable therapist, die pastor sonne die glitter bullshit oorie Revelations chapter ennie laaste sluk van ’n Black label. Kamfer bring healing en ’n space vi release. Sy is ’n national treasure that must be protected at all costs. Kamfer is fearless. Kamfer het ’n manier van emotions activate soes provoked letters op ’n Ouija board. Kamfer is powerful, stêkgevriet en armed mettie poetic forces wat vi Angelou ’n run vi haa money sal gie. *Chinatown*, Kamfer se vierde digbundel, is in 2019 gepubliseer dee Kwela boeke. Al Kamfer se bundels voel soes ’n continuation vannie temas wat sy aanspreek in haa debuutbundel, *Noudat Slapende Honde (2008)*, haa twee digbundel, *grond/Santekraam (2011)*, en haa derde digbundel, *Hammie* (2016). Die temas wat Kamfer aanspreek wissel vanaf gender-based violence, feminism, racism, racial inequality, ma-wies en mental health.

Die title self, is ’n powerful metaphor wat Kamfer fyn en strategeties as tema beklemtoon. Ôs is bekend mettie, made-in-China-phrase, wat indicate dat goed fake is. Chinatown is centres waa mens alles vi goedkoeper kan kry. En meeste vannie goed is knock-offs, nie dat mens kla nie. ’n Deal is ’n deal. Maa soes my ouma altyd sê, goedkoep koep is duur koep, en dis presies die gebakte pere waarmee Kamfer die leser los.

> my pa se strengths lê in sy sophisticated use van tone en projeksie
> die way wit mans hulle suit-baadjies se middelknoop vasmaak
> wanneer hulle opstaan agter hulle desks en besluit hulle gaan
> nou nie meer verder die detective se vrae beantwoord nie
> my pa se style kry hy in Blaxploitation-films
> en die invisible stature van ’n tronkgangster

my pa volg die leftovers
van die wit man se toxic masculinity
hy is trauma se experimental phase
sy legacy gaan wees: die mistress van wit manlikheid
die always-a-bridesmaid vir die bride van wit patriarchy
sy oë bly sad asof die juffrou sy punte in die klas uitgelees het

my pa is soos ’n Roman Polanski

omring met ou mans wat jong bloed ruik

draai ek om en vra et tu Dad?

sy favourite plek om na toe te gaan is Chinatown

want hy relate met die fake wealth die shiny kak

wat jou oë laat brand en die reuk van uselessness

Chinatown daddy, 11.

Die patriarchy wôd head on address ennie focus vannie bundel issie verhouding tussen pa en dogter. Kamfer shed light oppie toxic masculinity vibes wat dee afknou en ’n ding force ’n ding gewôd het. Sy spreek oek tot hoe die vaderlike figuur innie bundel oblivious is vi sy eie kak.

my pa is obsessed

met mob-films

ek het eendag gesê

Dad geniet darem

die afknouerige wit mans

toe threaten hy om my vrek

te klap

toe vra hy of ek dink hy is ’n gay

toe sê ek nee

ek praat van die patriarchy

toe sê hy oh

grapjas-dêddie, 41.

Kamfer plaas die lig oppie white homogenous nature vannie Afrikaans literary scene. Sy staan haa plek vol soes die volle baas wie sy is en maats mettie feminist-bad-and-boujee energy waa sy wish a motha fucker would.

ek soek nie ’n plek

langs ’n women’s enfranchisement act table wat

in 1930 geset is vir white women only nie

hou julle tafel

ons maak vuur buitekant

Ek soek nie ’n plek langs die tafel nie, 28.

Dis een vannie mees striking poems innie collection, want dit spreek tot ’n important issue. Digters van kleur hettie tyd virrie boksies waarin die white women comfortably sit nie. Die “ons maak vuur buitekant” lyn bind alles soe mooi bymekaar. Dit lat my voel dat ek as digter okay gaan wies omdat ek nie comfortably wil conform annie literary world se conventions nie, want Kamfer is hie. Kamfer het ’n nuwe freeway vi ôs gepave.

Kamfer is ’n rebel en wat ek die meeste love van haa wêk is dat sy nie dinge sugarcoat nie. Sy challenge shit. Die system. Mense wat appropriate. Mense wat gevriet koep. Die politics. Those not into politics. Die wat brown bodies exploit en fetishize. Sy expose hulle sick shit.

ek is passive aggressive tot

iemand praat van my hare

dan kam ek deur jou soos

’n colour-obsessed ouma

’n donker-van-kleur kleinkind

met 4c se hare kam

[…]

Ek is passive aggressive tot

’n wit mens my vra

waar my woede vandaan kom

dan word ek geniepsig

soos ’n wit vrou op ’n plantation

wie jaloers raak as haar man

die slavin verkrag

Beckenbauer, *45*.

Kamfer is kwaad en virrie goose wat vra, ‘Hoekom is sy steeds so kwaad?’ … sy het every right. Kamfer always came and continues to come for everything that was taken from us. En sy stap elke kee weg mettie hele krag. Dit wys jou net, as jy die waarheid skryf, die waarheid praat, sal jou wêk altyd sy job doen. Effortlessly. Timelessly. Gently.

In Kamfer se vorige wêk het sy verskeie kere die verhouding en dynamic tussen ma-en-dogter onnersoek en alhoewel Chinatown hoofsaaklik fokus oppie dynamic tussen pa-en-dogter, skryf

Kamfer in ’n hopeful tone oo generational curses briek tussen ma en dogter oppie motherhood journey.

my kind is into dark shit
soos haar ma
ons idolise die evil queens en
ek leer haar dat die
good witch maar net ’n bad
witch is wat in ’n security complex bly
ek en sy lê op die kooi
en sy séance my dooie ma
sy vra wat my fear is
ek smile en sê
babygirl
Mammie is fearless

Brujas, 21.

Ek is mal oorie feit dat Kamfer die spreker innie gedig laat attempt om mettie spreker se ma te communicate. Dit bring immediately drie generations saam en plaas hulle in gesprek met mekaa. Die invloed van ’n ma se presence en absence vesterk die krag in Kamfer se verse. Dis relatable, al is ek nie ’n ma nie. Dit laat my ytsien, al is ek bang virrie journey. Ek waardee die eerlikheid. Altyd. Kamfer laat oek die leser met hoop wegstap dat alles fine sal uitdraai. Sy skryf,

ek leer my kind gang signs met haar flashcards

sy leer die ABC’s van white supremacy

saam met haar bedtime routine

ek was haar hare met sage

en ek leer vir haar van haar ancestors

ek leer vir haar van vuur en oorlog en ek leer vir haar

om net genoeg kos te maak om te eet

ek is die ma wat ek nie gehad het nie

sy is die kind wat my ma nooit kon kry nie.

Meire, 23.

Kamfer rage subtly oor rape soes iemand op ’n power trip,

1. jy gaan was
2. jy internalise alles
3. jy sit wakker saam met jou paracusia

DIY 3-step rape kit, 25.

Sy stand haa ground soesie statue of liberty,

hy vra my waarom ek so stubborn in

ek vra hom hoeveel van sy patients

suicide commit het

hy vra of ek lief is vir enige iets

ek sê ek is lief vir baklei

Prince Myshkin, 36.

Sy vind coping mechanisms virrie bullshit vannie lewe soesie bergies oppie straat,

Ek gee my demons troetelname

En treat hulle goed

Soos ’n ma met ’n blindspot

bamboo, 14.

En sy praat oor mental health, as sukkel sy om te praat,

…my ma wil weet wat die dokter sê ek antwoord haar stadig want my tong is opgeswel van al die pille hy sê ek sukkel om myself te express.

Chinatown is ’n jewel wat mens nooit in Chinatown sal kry nie. Niks innie bundel is fake, sugarcoated, gepolish of aangeplak nie. Die bundel is intimate en full of rage, yet inviting en sensual. Kamfer lat my veilig voel as digter en vrou en vroulike digter cause sy het gesê sy exchange haa *ma se as vir gunpowder vir die next generation sodat* ôs *armed kan wees*. Julle tyd is veby. Kamfer is hie, *julle gaan ons nie weer in ons rugte skiet terwyl ons in vrees weghardloop nie.*

**<u>Resensie 2</u>**

**Ons is nie almal so nie** – Jeanne Goosen
Kwela boeke, 2006.

*Ons is nie almal so* nie dee Jeanne Goosen is 'n roman wat afspeel innie fifties in Suid-Afrika. Die hoofkarakters issie verteller, Gertie, haa ma, Doris, en haa ma se twie vrinne, Ant Mavis en Uncle Tank. Die roman spreek temas soes Christianity, racism, apartheid- en apartheidswette, kinnerlikeidentiteit en identiteitsvorming an.

Die roman lies maklik en vinnag. Niks trek nie en alles is plat gesê en clear. Dit het hoofsaaklik alles te doen mettie feit dat dit ytie oegpunt van 'n kinnerverteller vetel wôd. Gertie, as kind en kinnerveteller, kô weg met baie oo haa identiteit gevorm wôd by association. Sy is 'n Afrikaner. Sonne dat sy wiet wat dit beteken. Sy vat alles soes dit gesê wôd en question weinig iets wattie grootmense vi haa sê. Dit sien ôs wannee Mrs. Kok vi haa verduidelik wie is wie innie Bloedrivier portrait.

> Mrs.Kok sê dis die Slag van Bloedrivier en die wit mense aan die een kant is voortrekker. Hulle, die voortrekkers, is almal óns mense,
>
> Jeanne Goosen, p 93.

Met Gertie se identiteitsvorming sien ôs oek hoe sy met tyd die behavior en mannerisms vannie anne hoofkarakters adopt. Sy sit heeldag in hulle geselskap, want sy is oral agter haa ma se stertjie aan. Sy roek haa sigaretlekker soes haa ma, sy sit en drink haa Oros starag soesie grootmense hulle wyn drink en kyk met 'n vylgedagte die anne kinnes aan, soes haa snobbish pa die (Coloured) Jacobs-kinnes aankyk.

Wannee Gerty in kontak kô mettie reality van apartheidswette, again, absorb sy alles wat sy gesê wôd.

> Die mense het baie gekla, gesê die kleurlinge spoeg van bo af op die wit mense se koppe. Die kleurlinge het juis almal tering, sê my ma, dis hulle spoeg wat so vol kieme is

Jeanne Goosen, p 51.

Hierie gullible en sponge-like mentality en attitude wat Gerty besit, dra by tot wattie title suggest. Die idee dat nie alle Afrikaners dieselle issie. Gerty wôd gesê kleurlinge is “dom”,”vuil” en “ongesond” onne anderre, en sy question nie hierie dinge nie. Wannee sy question, challenge sy oekie die antwoord nie. Sy aanvaar dit.

Die taalgebryk en ignorant stance innie tone van Gertie wôd excuse oorie feit dat sy ’n kind is, cause jy wiet dat alles wat sy sê en dink, is behaviors, manners of speaking and ways of addressing wat sy aangelee het byrie grootmense rondom haa. Sy is rassisties, casually, asof sy oppie beach stap en ice cream vriet.

> Eenkeer het my ma vir my pa ’n stuk voorgelees van ’n klomp kaffers wat by Langa op die stasie op ’n trein geklim het. Voordat hulle in die trein is, het die conductor vir hulle gesê dat hulle nie meer in daardie deel van die trein mag sit nie, want dit is nou net vir wit mense.
>
> […]
>
> Die Kaffers wou nie hoor nie en hulle is toe almal in by die wit mense se kant en die trein is daar weg.
>
> […]
>
> “Eintlik is dit darem ’n disgrace, Piet,” het my ma gesê toe sy klaar gelees het.
>
> “Vir wat ’n disgrace!” het my pa uitgeroep. “Dis kaffers en die goed word by die dag astranter. Hulle moet hulle op hul plek hou. Maar Malan sal hulle én die hotnots vasvat.

Jeanne Goosen, p. 50.

Die title allude na baie dinge en upon hearing it for the first-time years ago, het ek nie baie daarvan gedink nie. Toe ek klaa gelees het, het ek steeds nie baie daarvan gedink nie. Dit dra omtrent niks by tot die storie nie ennie lyn self wôd net eenkeer gebryk wannee Doris virrie Coloured family koek wil gie en hulle dit nie wil vattie. Dis asof dit 'n trigger warning is voo iets traumatizing gewitness wôd, maa sonne die trigger. Dis asof die roman geskryf was met 'n apologetic, nostalgic en embarrassing tone, wat goed kon wêk as daa net bietjie mee eerlikheid innie narration is en minder explanations oorie reality vannie characters was.

Oppie ou end vannie dag, is *Ons is nie almal so nie* 'n storie wat 'n spesifieke tyd vasvang, praat oorie kak wat binne wit mense se huise angaan en hoe identiteit gevorm en down gepass wôd. Gerty is 'n lost case.  Sy is influenced dee grootmense, haa pa is nooit around nie. Haa ma jol, hulle almal skuil agterie naam vannie Here. Die roman maak virre quick read en 'n interesting conversation en debrief session afterwards in terme vannie 1950's en die relevansie daavan in 2022.

**<u>Resensie 3</u>**

**<u>Konoko is vi ôs ammel.</u>**

**Killing Konoko** – Hirami Itô

Action Books, 2009.

*Killing Konoko*, die selected poetry collection van Itô Hirami, wat translated is dee Jeffrey Angles, bied vi elke reader om elke hoek en draai 'n way in. Ek hettie translator's notes annie begin baie appreciate. Ek dink dit is 'n clever setup, want alhoewel die gedigte daring, sharp en unconfined is, is daa steeds wye konteks norrag, veral in terme van presies wie die digter is en wat mens kan vewag van hulle. Itô is 'n radical Japanese feminist poet wattie Japanese poetry scene 'n run vi hulle money gie, en soes Angles in sy notes explain, Itô "completely transformed the ways people were writing in Japan." Dit kon ek sien in Itô se manier van poetic en narrative conventions defy ennie manier hoe hulle wêk letterlik beweeg oppie page. Ommie vetaler se notas te lies innie collection ennie beskrywing wat gegie wôd vannie poet is poetic en spirit-lead op sy eie. Wattie krag van Itô bewys. Daa is 'n geweldige siekerheid in elke lyn en ek het nooit gevoel die skrywer issie sieke van haa saakie. Die gedigte het 'n tipe oovetel-gevoel, en wat ek hiemee bedoel, is dat dit voel sy sit jou nee en lies vi jou die leviete voo. Dis weinig dat ek 'n bundel lies en met volle vetroue innie digter kan instap - as leser. Daa is gewoonlik veskeie tye waa ek as skrywer voel ek kon iets skerper stel, iets meer ytbrei, of dieper in 'n subject matter dive, maa met Itô het ekkie total opposite experience. Die fyn lyn tussen brutal honesty en care virrie subject wôd baie kee gekruis, en daai is tien koste vannie subject at hand, Itô se experience en Konoko.

*Killing Konoko* is undoubtedly 'n poetic, autobiographical, blunt spin op moederskap:

> Everyone celebrates for me
>
> Thank you thank you
>
> Happy Konoko
>
> Bites my nipples off
>
> Congratulations congratulations
>
> Gleefully I would like

To get rid of Konoko

Killing Konoko, p38.

Feminism:

Ueno-san talks about writing death

When you write death, she says

When you write death, are you bearing the weight of women's history?

That's what she wants to ask, I cannot answer

When I write death I think only of corpses

A poem for Ueno-san, p59.

Shamanism:

My grandmother was a medium

My mother was a magician

My mother's older sister was a geisha

My mother's younger sister had tuberculosis

My mother's other younger sister was barren

All were wonderfully made

Coyote, p9.

Postpartum:

The pain was unpleasant, nothing more

The pain was unpleasant

The pain was unpleasant

Dying is unpleasant

Unpleasant

Postpartum, p26.

Community:

I was born and raised on the back streets of Tokyo

Even now when I go into the alleys

I stand and talk with people

When they see me they say

Why Hiromi-chan, you haven't changed at all

Even though it has been thirty years

Trans-population, p92.

en sexuality:

That part is the female genitalia

The whole thing joins with the male genitalia, I tell you.

The part you insist is the female genitalia is the clitoris.

This is where we feel pleasure.

You have some sort of prejudice against the anus,

You say you are ashamed …

The sexual life of savages, p.6

Om my experienced op te som, *Killing Konoko* isse toer in 'n museum wat ancient feelings en experiences op display sit. Nie net die horrific onesnie, maa oek dié wat joy gebring het tussen dee allie gemors en deemekaa. Die collection is sensitive mettie manier hoe it glattie omgie oorie rules en conventions nie, en soe oek innie going rogue en giving a big no-no to language en gender rules en narrative conventions. Die collection is instrumental virrie feminist poet om te groei en hulle voice unapologetically te vind, virrie reader wat family dynamics try vestaan en probee document

met allie confusion, virrie ma wat haa baba haat en nie die hype oorie maternal instinct vestaanie, virrie vrou wat sukkel om haaself te vind innie oulike baby pictures van haa 6-month-old oppie phone, ennie vrou wat wat try sinmaak van haa plek innie wêreld. *Killing Konoko* is vi ôs ammel.

**<u>Resensie 4</u>**

**<u>Innie Shadows isse lifeline</u>!**

**Innie Shadows** – Olivia Coetzee

Modjaji Books, 20019.

> "Djy het 'n way uit die Shadows uit gesoek, maa die Shadows is in jou bloed my kind."

Wannee die reality in 'n boek soe naby is annie realities wat jy sien in jou hys, in jou straat, in jou kêk – kan jy nie annes as om te sympathize en te voel dat *Innie Shadows* 'n lifeline issie. *Innie Shadows*, die debut novel vannie Kaaps writer Olivia Coetzee, isse beautifully en painfully sharp shaped knife wat stiek net waa gestiek moet wôd. *Innie Shadows* isse Kaapse queer crime fiction novel wat afspeel innie Shadows en highlight hoe bruin mense in dié spesifieke gemeenskap navigate rondom religion, friendship, poverty, sexuality, drugs en unattainable dreams. *Innie Shadows* is dee Dr. Hester van der Walt beskryf as, "…'n Kaapse Vlakte riller roman, wat genres kruis; 'n bladsydraaier, met uitstekende dialoog." Wat Coetzee vi ôs opskep en mee voortbou innie literary scene issie iets nuuts temagewyssie. Dis temas wat meeste gedigte en stories oorie Kaapse Vlakte bevat, maa om dit in 'n fictional world te plaas, remove immediately ienage opportunity vi alienation ennie opportunity virre divide in experience en reality en oovetel om navore te kô met hoe dit neegesit is oppie page.

Die omslag vannie bundel is treffend. Ek proebee ytfigure wat angaan oppie cover en toe ek begin lies besef ek die hele boek is basies opgesom oppie cover. Die oegies wat soe alles dophou, innie bos, innie nag, die son, die letterlike shadows ennie donkerte oppie cover is meer assie geel, wat 'n metafoor wôd virrie feit dattie hoop en kanse van survive en ytkô veel minner is as die van val innie bose kringloos vannie Shadows.

Die titel pas goed byrie manier waarop Coetzee hierie gemeenskap geskep het en hoe baie dinge innie donker gebee. Die novel is 'n sensei in Karate, wat veonnestel is ommie klas te lead en jou veilig te lat voel innie experience - maa jou wind lielik ytskop soes sy rondstap innie klas en kyk of jy focus en of jy maagspiere styf getrek is.

Ôs ontmoet vi Nique wat met ’n getroude man, Balla, slaap, en alhoewel sy nie vi haa vrinne daavan sê nie, wiet ammel innie Shadows van alles. Ôs oek ontmoet vi Gershwin, wat sit met ’n religious, problematic en homophobic ma. Ôs hoo van Carl. Liewe, liewe Carl, wat sukkel met sy drug problem en hy is weg en ekke gat jou maa niks vetel oo Sara nou nie. Hierie novel draai om dié vrinnekring ennie impak wattie societal evils op hulle reality het.

Coetzee se manier van omgaan met queer relationships ennie manier hoe Coetzee dit introduce is effectively done. Ek is mal oorie feit dat niks vedytlik wôd nie ennie leser self die opportunity kry om twie en twie bymekaa te sit. Met Balla en Nique. Met Carl en Clint en Balla. Met Dominee en Gershwin. Met Sara en Ley.

> Hy was getroud, maa sy’t velief geraak op Balla. Sy konnie haa hart toemaak vi hommie. Hy’t haa aanvaar soes sy is, selfs voo sy gegan het vi haa operasie.
>
> Waa’s Carl? 2.

Die Shadows se reality is natural en jy kan sien die karakters sit baie gemaklik in hulle plekke. Soe asof dit soe aanvaar is soes Coetzee hulle create het. Nique se operation wôd baie kee na vewys, maa issie ’n big point of discussion virrie characters nie. Daa isse awareness, maa nie ’n overcompensating emotional reaction nie. Op dié manier wôd dit baie meer genormalize, in plaas van ’n big speech, cause mense moet bykô. Die afvallige karakters soesie Dominee en Suste Rose is gemaklik, en is baie convincing in hulle understanding en belief dat hulle die Here se wêk doen. Nique lat vi Balla klink soes ’n caring man wat omgie oo haa en anne mense innie community, maa hy is ’n rapist en ’n cheater en een vannie grootste evils innie Shadows.

Carl se narration oo sy drug use was sieke die tema wat my die hardste geruk het. Ek kon soe baie vannie brasse innie buurt sien wat sieke tien kee mee kan relate met Carl se storie. Carl, vannie get-go af, is missing en as ’n reader het ek geworry oo waa Carl is. Ek het gewonne wie is Carl. Carl is nog ieman wie die liewe kak cards gedeal het. Carl is striking, cause Carl humanize die drug addicts wat society soes vullis weggooi en daai is strikingly done. Die way hoe hy met sy trauma deal dee tik isse striking way om te sê dat dit sieke nie sy reality sou wies as sy ma sou geliewe hettie.

> Wanne ek roek, dan is sy daa. Maa hie kan ek haa nie voelie. Ek wens Clint was nou hie, hy sou my gehelpit. Hy sou my drêgon wee an die slaap gemaaket en my ma sal dan wee

> trugkô, hie by my wies. Miskien as ek vi Nique gesê het, dan sou sy vestaan het. Wanne ek roek, is my ma wee hie by my.
>
> Dis die Drêgon se Skuld, 51.

Toe Carl begin praat, was ek kinda disappointed, cause ek wou nie soe vroeg van hom hoo of presies wiet wat gebee hettie, maa soes ek vêder gelies het, het my hartjie al hoe kleiner gewôd en die information wat Coetzee introduce dee Carl is alles bombshells wat jou die anne karakters anneste lat ankyk.

Die bigotry van Suste Rose is beyond soe baie dinge. Dit mag vi sommige readers exaggerated voel, maa dis actually die mees true representation vannie Suste's wat soe baie van ôs ken. Die crazy, unholy en derailing obsession mettie Here ennie Here se wêk doen, dat hulle toe en blind is virrie wek wattie Here in hulle wil doen. Suste Rose se geklou annie kêk en Richard is 'n siekte wat baie mense an ly.

> Ek het gewiet ek hoef oo niks te warrie nie, end at ek net hoef te vetrou." Sê Rose. "Ja, as ôs neks die grootkoppe van die gangsters kan kry, dan sal ôs die Jirre darm gelukkig maak," sê sy vêder soes sy koffie en suike in die biekes in gooi.
>
> Die Kêksuste, 37-38.

Hiemee lewer Coetzee kommentaar oppie feit dat mense innie Shadows liewer sou wou klou an 'n liegstorie en valse reality, as wat hulle die waarheid en reality face. Ennie feit dat sy koffie en suike ingooi tewyl sy haa bek soe warm praat, wys vi jou hoe dit al genormalize is en niemand 'n problem daamee sienie. Oppie ou einde vannie dag, dieselle soes met Carl, issit 'n survival tactic. Ammel innie Shadows klou om te oorleef, al issit annie vekere dinge.

Ek dinkie einde sê virrie leser baie meer oorie bose kringloop wat *Innie Shadows* is en vat alles mooi saam. Die gehoep en gegloe issie coping mechanism vi allie mense innie Shadows en alhoewel dinge nou net omgekrap was dee mense wat gloe hulle doen die Here se wêk, is daa steeds die geklou an geloof, wat oppie ou einde vannie dag virrie mense alles bymekaa hou.

Die sukses vannie novel lê innie true representation insights wat Coetzee virrie insider ennie outsider vannie Shadows bied, ennie feit dattie novel dit reg kry om jou van begin tot einde te

capture mettie vernacular, die recognizable characters ennie gedra vannie emotional weight en traumatic baggage wat elke karakter innie storie besit. A must read. A must discuss. *Innie Shadows* isse lifeline virrie broese innie Shadows. ’n Bybel virrie broese wat ’n way out soek of net ytkyk om gesien te wôd. *Innie Shadows* sien.

**Writing and reading in community workshop**

Die workshop was interessant en ’n ytdaging. My workshop het ek ’n paa maandenarie dood van my oupa gedoen en het besluit ommit te doen innie gemak van ôs vookamer, in plaas van gan narie mense wat sal wiet van skryf en iets voosit. Dis bietjie unconventional, maa wat bieter as writing in community than writing with your biological community? Dit het grootliks te doen gehad met my nood en soeke na closure in ’n tyd waa soe baie dinge onduidelik was, en as skrywer was skryf nog altyd vi my therapy, en ek het beslyt om daai gift vi my familie te gie. Dit was ek (25), Mammie (44), Ouma (69), my twee anties (33 & 32) en drie niggies (12, 10 en 7).

Die selection van participants was doelbewus en omdat die emphasis op community was, wou ekkie fokus hou en terug bring narie community waa yt ek gekommit. Dit plaas die klem op my goal om my skeppingsproses en ontworteling van stories byrie hys en vannie hys af te hou. Dit het grootliks te doen gehad mettie feit dat dit my komvandaan is en dat yt die skepping van stories ’n storie van saamstaan en bymekaar kô sal ytkô.

Ek het gefokus op vorm, omdat ek voel dis my strong point as skrywer en oek omdat die idee van vrywies baie belangrik is. My fokus was oppie veskillende maniere hoe die mens hulself kan express en dat daa nie iets ooes dom of kak of simpel bestaanie. Ammel rou op veskillende maniere wat veskillende vorme anvat en om vooraf mettie vryheid en wild creative expression approach te wôd hettie hele proses makliker gemaak, want daa was niks expectations nie, nettie willingness om te deel en te participate.

Die tema was “Daa isse gat binne in my” ennie fokus was hoe om dit te identify en hoe om dit te express, veral teenoorie mense met wie jy nie aldag soe dydelik kan praatie of die wie oek soe baie op hulle bord het, cause let’s face it … niemand smaak heeltyd oorie dood praatie. Ek hettie vrae gestel: “Hoe lyk grief?” “Watte colour sou dit wies en waavandaan dink jy kommit?” “Wat issie dood en issit ’n begin of ’n einde?”

Die workshop was vi my ’n healing process, wat niks short van my expectations wassie, cause nie net kon ek deel nie, maa ek kon ontvang. Imagine jouself ’n generational pass down van gevoelens ennie sharing daavan – dis iets intimate en sensitive wattie mure en kassies innie voorhys vi iewag sal onthou. Dit het my as skrywer baie mee honger gemaak om dieper in myself te kyk en baie meer hys toe te skryf in my wêk – nie op ’n manier wat anner exclude nie, maa mee op ’n manier dat my

wêk love letters is virrie vroue op wie se skouers ek staan en virrie meisies wat op my skouers bou. Ek hettie hele proses geniet en contrary to popular belief, issit baie mee frightening om soe iets met mense wat jy ken te doen as strangers – cause die stakes is high ennie trane lê vlak.

My algemene observasie en gevoel was dat ekkie creative writing as ’n isolated skill moet associate nie, net omdat my familie nie in my beroep issie, betieken nie hulle het nie stories of means of expression nie. Hierdie opportunities moet oekie exclusively available wies vi prison systems, schools of organizations nie, maa dit moet nader narie hys toe gebring wôd soedat ôs immediate surroundings en family baie healthier is en in ’n healed space operate.

Die gehalte vannie wêk wat produced was hettie saak gemaakie en ek het sieke gemaak hulle voelie die pressure om te deelie. Ek het hulle advise ommit te treat soes ’n brief wat jy skryf an iemand wannee jy kwaad of upset of sad is, alles ytkry, en daarna die brief brand. Die fokus was afterall ytlating ennie goal was natuurlik nie om ’n nuwe family collection te produce nie. As ek moet kies yt die wat wou deel, issit my 7-jarige niggie en 69-jarige Ouma wat geskryf het,

> *Oupa het doodgegaan. Sy bakkie staan nog in Malmesbury. Nou het ek nie meer iemand om vir my te help wanneer ouma vir my skel nie.*
>
> *Chakra.*

> *Die dood kom wanneer mens nie seker is daarvan nie.*
>
> *Ek was seker.*
>
> *Ek was net nie gereed nie.*
>
> *Elke dag is moeilik, maar deur die Here se genade kom ons deur.*
>
> *Ouma.*

Die eenvoudigheid ennie kleinmaking van groot emosie innie verse was vi my die mooiste. Ek wiet mens soekie vi mooi in poetry nie, maa dis beslis die eerlikste en kô met soeveel layers wat jou onkant vang.

Oppie ou end hettie workshop gewys, baie praat baat niks, skryf is eenvoudiger, dieper en eerliker.

Soe … my takeaways was dat grief lyk soes angan met jou dag en niemand met jou gedagtes en gevoelens pla nie, grief is allie colours vannie rainbow, want daa is oek mooi in dit en dit kom van liefhê en baie waardeer.

Ek het my nuwe gedigte vi twie veskillende groepe gelies. Groep een was familie ennie anner, vriende. Dit was vi my vrieslik exciting om my wêk te deel omdat dit, vi my, tematies gewys, in ’n uncharted category intree. Dis was ’n sense of rebirth en releasing en receiving of freedom. Die ontvangs innie freedom of speech en expression met my familie was baie bieter ontvang assie freedom of speech en adding innie terugvoering. Dis vi my interessant dat vroue steeds hulself censor en hulle eie vroulike begeertes agtertoe stoot. Dis alles te vestane, mens kannie iemand se journey push nie, maa dit was baie thrilling om saadjies te plant soedat hulle wiet ’n feminine, sexual en vocal freedom exist bytekant die gemak van hulle ma se grootmaak ennie man se voorgesê . Innie vrinnekringhet ’n excitement geborrel. Imagine jouself klomp hondjies in ’n hok en hoe hulle haloep when the dogs are finally let out. Woof! Woof! Woof! Woof! Dis hoe ek voel wannee ek Ronelda S Kamfer se wêk lies. Ek voel daa is iemand wat my sien en vestaan en vi ôs wat agte innie lyn staan hoo. Dis befok ennit maak my excited virrie publishing van my nuwe wêk, die gesprek rondom hoekô ek soe kwaad en disappointed is innie moderne vrou, cause ek is reg vi conversations wat saakmaak en ’n change maak, nie innie wêreld nie, maa binne innie vrou wie ek is ennie vroue wie na my lyste.

**Response teenoorie Reader Report**

Tot my vebasing hettie reader's report vi my baie mee relaxed lat voel. Dit was 'n groot relief om finally die gewig vannie teks met iemand annes, wat glattie deel vannie proses met my en Nathan vannie begin af wassie, te kon deel en om te sien hoe dit oppie skoot en innie oë vannie outsider val. Dit was vi my 'n great pat on the shoulder om te sien dat veskillende temas en aspekte vannie teks dydelik was en dattie messages nie lost geraak hettie.

Wat vi my ytgestaan het was dattie reader's report die erns ennie dapperheid vannie teks beklemtoon en oekie responsibility wat met dit gepaard gaan. Dit is iets wat ek ingedagte gehou het en proebee doen het. Meer reggekry op som plekke as anner, maa dis deel vannie proses. Ek plaas, vanaf Nathan se *Rewriting* seminar, groot emphasis oppie responsibility wat gepaard gan met creating. Dink daaoor, met alles wat geskep wôd kô great responsibility. As jy life create, issit die grootste responsibility van als, as jy kosmaak, of even net 'n eier bak, issit jou responsibility ommie die hys af te brand wannee jy die stove of gaspot ansittie. En soe oek wannee jy nuwe wêk skep issit jou responsibility as skrywer om te wiet wat jou intensies is, wat jy wil hê die outcome moet wies en oek waa dit inpas en watter gewig dit dra innie literary scene in general. Dis iets wat unspoken is, maa omdat daa soe baie oë oppie Kaapse scene is, issit belangrik om extra carefully te curate soedat jy wiet al jou ducks loep in 'n ry.

In terme vannie inhoud ennie struktuur van my tesis, stem ek saam dattie struktuur nie die inhoud moet overpower nie. Ja, dis free en flow, maa dit mean nie dit moenie gefocus wiesie. Dis iets wat ek tighter sal maak soedat daa 'n balans is tussen die twie en soortvan 'n pack is tussen die twie dat die een nie sonne die anne een kannie. Soesie storie van Pamela ennie stories van haa boyfriends. Oorie manier hoerie manuskrip oppie oomblik gestructure is, is ek noggie sieke nie. Ek was intrigued deerie observation dattie storie moet begin mettie narrative van Pam se boy-toys. Toe ek dit geskryf het was een vannie vrae an myself waa presies sit ek hulle en hoe smooth introduce ek hulle. Dit het ek noggie suksesvol gedoen nie, maa omdat ek altyd clear was in waantoe ek gaan, dink ek oppie stadium was nie soe 'n groot worry nie, omdat daa nou die tyd is om te nip en tuck annie body vannie poetic work om 'n fully rounded masterpiece oppie tafel te sit. Die feit dat hulle vier stereotipiese mans is is juis die punt. Hulle moet juis subjectively discussed en dissect wôd. Die reaksie vannie leser sal deelvorm vannie objective experience. Die kwaliteite van dié mans het baie min te doen met ras of kleur, maa dis eienskappe wat geskommel kan wôd onnerie vier en steeds

dieselle impak op Pam sal hê. Daa moet ’n balans handhaaf wôd innie teks innie sin dattie leser die mans baie goed ken, en vi Pam nie, en mettertyd sal agterkô dat sy starrag maa sieke dele van haaself openbaar, tot op die punt dat jy vegiet vannie mans en hulle embedded issues.  Ek disagree wel mettie suggestie of idee dat dit ‘n balanced collection moet wies. Die hele collection is subjective tot Pam se experience mettie mans wie sy in anraking mee kô.  Dis tog hoe die liewe is. As ek gerape was en ‘n storie oo rape skryf, issit impossible om ‘n objective view van ‘n raping process voo te sit, cause al wattie protagonist kan doen is om haa experience op papier te sit. Meer veskillend as dié vier mans gan jy nie kry nie, en daai is klaar ‘n bird’s eye view oppie fragility vannie man se ego en image. Om hulle te balanseer saam met Pam se promiscuity sallie maak virre interesting discussion nie. Mens kort poetry wattie wêreld change, nie poetry wat align met elke liewe leser se emotional moral compass nie. In dié gedigte issit belangrik virrie fokus om te bly rondom Pamela se gevoelens, experiences en violently changing perspectives oppie manlike figuur. Alhoewel sy dit veg, sien mens hoe haa hartjie kleiner wôd. Dis alles innie teks. Dis alles innie subteks. Dis alles in Pam.

Die belangrikheid van taal is iets wat Nathan al tydens weekly seminars vi my noem, en dis interessant dattie reader’s report dit oek reflect. Soms is ek soe gewoont om te skryf ytie mond van my karakter, dat ekkie byte die raamwerk vannie gesprek dink nie. Dalk omdat die karakter nie dink nie. Dit gaan vi my ’n plesier wies om terug te gan en om vesigtig te kyk narie woordskeuses soedat ek sieke maak daa issie ’n pothole vi iemand om my te vang nie. Dis vi my baie belangrik dat die teks in geheel my respek, liefde en waardering virrie taal, mense en kultuur reflect.

Om te sê my tesis het diep en ryk potensiaal, was iets wat ek nodig gehad het. Ek dink ek sit baie druk op myself met die tesis, want dit moet absoluut reg wies. Dis iets waamee ek my tyd wil vat en daa moenie ’n slight opportunity wies vi vingerwysie. Die respek, boe als, is wat moet ytstaan ennie integrity van my as skrywer is wat ek op wil fokus. Dis belangrik vi my ommie terug te kan kyk en dink, daa kon ek bieter doen nie. Dis soes daai notion van double check. Hoekom moet jy double check? As jy die eeste kee reg gecheck het, hoef jy nie wee te loep double check nie.

Die tesis gannie soe baie oo seks soes dit gan oorie reclaiming of masculine innie wounded feminine en feminine in healed feminine gannie. Dis baie belangrik dat ek daai message across kry. Die tesis handel meestal oorie findings vannie modern day woman wat wounded is deerie doings vannie vroue wat voo haa gegannit.  Dit dra by tot wattie reader’s report sê oo wattie teks nog kort in terms of narrative. “Dat daar in die vrou se poging tot detachment ’n nuwe tipe attachment vorm

en die fisiese aspek van seks kan nie as feit voorgehou word nie. Iets wat nog versteek bly in die teks is die narratief probeer sê, wat die narratief dink sonder enige morele waarde of pligsgetrouheid." Dis iets wat Nathan my gesê na ek hom my eeste draft gestuu het. Dis vi my moeilik om haa as feminine in haa healed feminine te lat opdaag. Dis 'n interessante observasie en dit gan slegs gebee wannee ek gedeeltes van myself innie teks begin sit en haa kompas bietjie shift, cause Pam isse bad bitch en ek sukkel met die vrou, jong! Maa dis als fine. Ek het no doubt dat ek dit sal regkry nie. Dit is waa die bell hooks quote soe baie help, cause dit skyf dinge emotionally en met nuwe perspective rond na 'n softer, honest en vulnerable state. Die foundation vannie teks is rooted in honesty en authenticity, dus sal dit 'n breeze wies wannee sy haaself bietjie slack cut en dieper dive as wat sy al klaa het.

Ek waardeer die klem oppie belangerikheid vannie teks, veral in Kaaps. Dit was vannie begin af my rede virrie creation vannie tesis. Ek het dit nêrens gesien nie, en as ek 'n glimpse gekry het, wassit nie true, raw en honest nie. Dus, vat ek alle kommentaar en reports ernstig op en is basically soes my data report, cause dit is wat ek soek. 'n Record vannie honest feedback oppie teks, nie net ytie mond vannie gewone mense innie community en my inside circle soes mettie Writing en reading in community nie, maa oek die broese vannie literary world. Die academics. Ek skeppie om cute te lyk nie, ek skep om 'n revolution te continue, om fires te start innie lecture halls van universities en om 'n global conversation rondom die doing en undoing van dié temas te spark. Dis 'n broodnodige gesprek, een wat sirens lat afgaan en krag lat trip en 'n dors les wat net vannie Here se heilige water afkô.